




Tydskrif

60

vir

Letterkunde





Digitized by the Internet Archive  
in 2017 with funding from  
University of Pretoria, Library Services



TYDSKRIF  
VIR  
LETTERKUNDE



REDAKTEUR: ABEL COETZEE

ADVISEURS:

*J. J. Brits, W. A. de Klerk, Andre Demedts,  
Abr. H. de Vries, D. F. Malherbe,  
F. A. Venter, A. J. J. Visser.*

MEI 1963

NUWE REEKS / JAARGANG I

NOMMER II

HAYNE & GIBSON - JOHANNESBURG

## INHOUD

Redaksioneel, Abel Coetzee	....	....	....	....	....	1
Teenstelling, Izelle Venter	....	....	....	....	....	4
Apokriewe verslag oor Jerigo, Johan Lohmann	....	....	....	....	....	5
Twee gedigte, Louis Eksteen	....	....	....	....	....	13
Die konsul, Jac. J. Brits	....	....	....	....	....	14
Theodore Roethke, Barend J. Toerien	....	....	....	....	....	34
Abel Coetzee als skrywer van verhalens, André Demedts	....	....	....	....	....	44
Albert se kriteria van die kritiek: Dawid Spangenberg	....	....	....	....	....	57
By die jongeres: C. W. Hudson	....	....	....	....	....	60

In die toekoms sal aan die skrywer van die beste bydrae in elke aflewering — prosa, poësie, beskouende werk — 'n honorarium van R15.00 geskenk word, benewens die vergoeding teen gewone tarief.

Alle kopie vir die tydskrif word gerig aan die Redakteur, Hoëwinde, Escombe-  
laan 51, Parktown, Johannesburg. Ongevraagde kopie moet vergesel word van  
'n gefrankeerde koevert.

Alle korrespondensie rakende administrasie, sirkulasie, intekengeld en adver-  
tensies word gerig aan mej. S. Victor, Posbus 57, Northcliff, by Johannesburg.

INTEKENGELD: R2.00 PER JAARGANG, POSVRY.

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n jaarlikse  
skenking van die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap en die Afrikaanse  
Pers-fonds aan die Afrikaanse Skrywerskring.

## BY DIE JONGERES:

Jongeres wat nog geen skeppingswerk gepubliseer het nie en wat hulle  
pogings vir beoordeling en bespreking wil voorlê kan sulke werk rig aan:  
BY DIE JONGERES, Posbus 845, Pk. Northcliff. Ook jongeres met letter-  
kundige vraagstukke kan hulle tot dié adres rig.

Waar sulke pogings of vraagstukke dit regverdig, sal daar in hierdie rubriek  
op geantwoord word.

Geen briefwisseling sal egter hieroor met die insenders gevoer word nie.  
Werk wat só ontvang word, word slegs terug gestuur as 'n gefrankeerde  
koevert daarby ingesluit word.



„EEN IEDER WOELT HIER OM  
VERANDERING...”

Lugspelings en dwarrelwinde.

Dis dinge van my kontrei: Verre Wes-Transvaal. Daar is ons gewoon aan sulke dinge. Terwyl die droogte jou omknel, sien jy onverwags op die hittigste van die dag 'n lugspeling: 'n lang ry naaldpopuliere wat langs 'n waterplas op voer na 'n woning wat lyk soos 'n kabouterkasteel – torinkies, getande borswering, 'n weelde van gerief en oordaad. Terwyl jy só smagtende na die lokoorde loop en kyk, staan hier skielik vlak voor jou voete 'n dwarrelwind op, skarrel alles deur mekaar met grypvingers terwyl die plaashoenders met magtelose vlerke ooplê na die naaste skuiling. Soos 'n besete heks maal die dwarreling verder, om net so skielik weer tot bedaring te kom en te verdwyn. Dis my wêreld, waar ek groot geword het, waaruit ek 'n leeftyd gelede weggetrek het, maar wat nog altyd my tuiste is.

Verdwaas staan jy dan, veeg die dwarrelstof uit jou oë en stap dan weer aan na waarheen jy op pad was. Die hoenders kom kloekend te voorskyn uit die lappe wilde salie en ghwarriebos wat vir hulle gedien het as gerieflike vlugoorde. Al wat oorbly van die skielike geweld, is die opgejaagde stof wat rooi neersif en tydelik jou lugspeling verdryf het. Waar dié dwarrels woon, waar hulle vandaan kom, waarheen hulle wentel . . . wie sal weet of sê?

So 'n woestyndwarrel is dan deur ons redaksie, onverwags, ongevraagd, fel en met heel veel stof. Ons redaksie het sy herskommeling, sy planne met soveel swier en opspraak aangekondig, en die eerste lewering – met georganiseerde medewerking van die „jongeres” – was af en in die mark. Ons was besig om ons grootse lugspelings te betrag. Toe lui my huis-telefoon. Die subredakteur bel my aan net om te sê hy „het bedank” – soos hy dit lakonies uitgedruk het. By wie hy sy bedanking ingedien het en waarom, dit het hy nie gesê nie. Net dat dit onvermydelik was en nie ongedaan gemaak kon word nie. Aan my was dit net maar gegun om te aanvaar.

Daar sit ek toe in die middel van die dwarrelwind. Toe volg dit vinnig op mekaar: die een „redaksionele medewerker” na die ander kom haastig sy hoed haal en vertrek die stofdamp

in, enkeles met 'n hartlike verwensing tot afskeid. Asof ek ons subredakteur in die pad gesteek of hom op die een of ander verholle manier in die steek gelaat het!

Praat van die ding: ons het die haastige jongmanne in ons redaksie binne genooi, hulle soveel ruimte gegee as wat hulle nodig gehad het vir staanplek, hulle alle geriewe besorg sodat hulle kon uithaal en wys! Ons was hulle sodanig ter wille dat hulle voorwaar al moes gereken het hulle besit die blad met omslag, bandontwerp en al! Al wat nog nodig sou gewees het, sou wees om die armsalige „OU” hoofredakteur uit die jaar 1860 met die agterkant van die hand in die snippermandjie te vee, en siedaar: baas op die mishoop! Om die kroon op alles te span word nog geskimp ook: nuwe asyn in 'n ou sak!

Nou, die dwarreling is verby, die stof wat stadig weer gaan lê, het enigszins die uitsig vervaag en dis nodig dat ons weer die pad vorentoe moet uitstippel. Heel eers het ons die bandontwerp vernuwe om te toon dat die georganiseerde groeppvorming afgesluit is. Maar so 'n klein „sestigste” bly ons behou – soos 'n klein pers blommetjie om ons dierend te herinner aan die warm bloed van die jeug! Maar verder gaan ons voort om 'n gesonde bloei te soek in ons letterkunde, en almal wat wil meehelp se bydrae word verwelkom. Daarby is dit ter sake om te sê wat nie gesond is nie. 'n Ouer geslag letterkundige skeppers het hoogtepunte bereik en werk nog voort op hoë vlak. Hulle skaduwees het te swaar geval op die jongelinge, met die gevolg dat hulle somber en sonder lewensvreugde die taak van letterkundige skepping aanvaar – as getekendes. Wat jy al van hulle ter hand neem sit vol nare en droefgeestige nabloei van die eksistensiële, die ewige vraag oor waarvandaan, waarheen? En daarbenewens die regstreekse uitvloeisel daarvan: die opgejaagde belangstelling in die territoriale gebiede onderkant die buikgort. Nou is ek al lank genoeg in die land om te weet dat daar nogal 'n aansienlike verskil is tussen die geslagte, asook van die vertroosting wat vir die mens hier weggeleë is – afgesien nog van die noodsaaklike aanwas van die bevolking. Maar ek is nugter genoeg om verkenningverhale van jongelinge in dié territoriale waters te aanvaar vir wat hulle is: stamelende verslae oor wat elkeen van hulle beskou as 'n ervaring wat net hulle beleef en deurgrond het. Dié ervaring is so oud soos die mens self. Ek betwyfel dit egter ten seerte dat of die omswerwing in die territore of in die eksistensiële die begeerde vernuwing in ons letterkunde kan bewerkstellig, alhoewel dit glo elke digter vry staan om te dig waaroor hy wil.

Dan: daar is voorwaar veel meer aan letterkunde as wat ons sedert jaar en dag te sien kry. Die swaartillende het by

ons sowat volledig ons lewensvreugde opgeruim. Genot in die uiting van die woord soos dit vorm vind in malkoprympies wat soms duiseland oorslaan na die onsinnige, die genot net maar in die rym en die ritme – musikale –, in die eenvoudige verhaal met beelde en simbole wat tot ons spreek, moet weer sy verskyning maak. Ons is buitendien *gedoem om te sterf* of *voorbestim om verlos te word uit die vorm van die stof* – dit hang maar net af hoe mens na die lewe kyk. Maar waarom alewig gebuk gaan onder die drukkende las van die verdoemenis, net asof daar nie ook 'n verlossing is nie!

Daar is 'n weg uit die eksistensiële skemerbestaan, daar is oë wat die dimensie van die vreugdevolle kan onderskei – d.w.s. anders as die blote animale van die territoriale. Lewensvreugde moet opnuut ontdek word. Ons is nie troosteloos verlore net omdat ons, stedelinge, veelal soos sirkusdiere afgehoek leef in woonstelkraampies nie.

As ons jongelinge die ontstellende lewensmoegheid openbaar wat so skering en inslag is in hulle skeppingswerk, moet dit die argwaan wek van kunsmatige maakwerk – en daarom oneg of serebraal, en dit moet uitloop op 'n volkome vervreemding tussen volk en kuns; of dis 'n vroegrypheid deur oorprikkeling, en daarom goor.

Ons letterkundige stroom het versmal tot 'n eng watertjie waar slegs die enkele ingewydes te drinke kan kry. Omheen staan die versmaaide burgerlikes en wag om te kyk of daar nie beroering kom in die oog van die fontein nie.

Die lewe – 'n ervaring wat bloedig en bitter en vreugdevol is, ryk aan wisselinge na inhoud en diepte – wag om deur die kunstenaar smedig in taalvorm gedwing te word met gebruikmaking van al sy middele, sodat die tydgenootlike mens die onsigbare te sien kry wat skuilgaan agter die drogbeeld wat ons sintuie vir ons opbou. Die kunstenaar moet dié drogbeeld vergruisel sodat ons klaar in die lewe kyk. Dáár lê die uitdaging aan die jongeres.

Lugspelings en dwarrelwinde . . . is dit nie maar die ware land van die kunstenaar nie . . .

Abel Coetzee.

## IZELLE VENTER: TEENSTELLING

H A N N A

Ons samesyn was nie net drif, maar 'n gebed:  
U, Here, wat die kiem van lewe het  
en elke ding gemaak het wat daar is,  
gee tog dat ook in ons die lewe mag ontwaak  
en groei, sodat ek los mag raak  
van daardie ander, vrugbaar vrou se hoon, se lis . . .

Die siklus- en kalendermaande volg mekaar  
by my reëlmatig op – nie onderbroke soos by haar  
wat seuns en dogters baar vir hom aan wie ek niks kan gee.  
Al kry ek van Elkana dubbel dele van die offervleis  
ontbreek Gods seën – Gods gunsbewys:  
God trek die helder lyn van Sy Verbond  
nie deur my skoot; al sou Elkana haar verstoot,  
sal sy deur elke kind aan Hom verbonde bly . . .

„O, Eli, heer, ek is 'n vrou beswaard in my gemoed . . .  
Net God – en Hy alleen – weet wat hier binne woed . . .”

Q.V. MEI 1962

Die kraaminrigtingdeur swaai oop.  
Omdat sy, traanverblind, nikssiede staar,  
moet sy gesteun word deur haar man se hand.  
Haar liggaam, lomp en lelik in 'n rok geknel  
wat sy gedra het vóór haar liggaam saamgeswel  
het met die vrug wat in haar uitgegroeï,  
geryp en toe gesterf het, is vir haar  
die wrange teken van wát haar wederver  
en stom en leeg gelaat het, en haar nou laat loop  
soos in 'n droom: want ná die jare van verlang  
het die belofte van vervulling die gemis vervang  
en nege maande lank het blydskap warm in haar gegloei.

Nou worstel sy met die probleem van moeder wees, maar  
sonder kind,  
want ná die moeisame geboorte en met die pyn wat nie bedaar,  
weet sy dat sy nog minder rus sal vind . . .  
En met ontsetting gryp sy na die groot, teer hand  
wat haar wil steun, en snik sy oor die droom  
wat met die vergestaltung daarvan dood moes bloei . . .

## JOHAN LOHMANN: APOKRIEWE VERSLAG OOR JERIGO

Onder die Dooisee-manuskripte wat onlangs in Israel ontdek is, is daar ook 'n fragment van 'n gesprek tussen vader en seun, albei onbekend. Uit die stuk self lei ons af dat die gesprek plaasgevind het toe die sewedaagse omsingeling van Jerigo in volle swang was, en dit gee 'n totaal ander kyk op hierdie epogmakende gebeurtenis as die aanvaarde verslag waarmee die meeste van ons in ons jeug reeds kennis gemaak het – 'n verslag wat namens die oorwinnaars opgestel is deur die veldheer. Dis nie sonder betekenis dat die verslag uit die stad self in ons eie tyd bekend geword het nie, alhoewel dit niks afdoen aan die egtheid van die oorlewering wat ons almal ken nie. Dit sou prikkelend wees om meer besonderhede oor die voerders van hierdie oopgesprek te wete te kom, maar die verlede word gewoonlik net broksgewyse aan ons bekend gemaak. Ons volg die teks op die voet:

Vader: . . . en ons, die Amoriëte, het ná die kinders van Moab en van Cheta (die Hetiëte?) gekom na hierdie hoogland, deel van die vrugbare sekelmaan wat die hart steel van al die woestynvolke. Dié van Moab en Cheta was, nes ons, eers woestynswerwers, nes die Hebreërs wat nou om ons mure stap en lawaai maak dat die jakkalse verskrik vergeet om te tjank en die aasvoëls hoog bo-oor op stil vlerke sweef en wag om op te ruim wat ook al mag bly lê. Ons is almal bloedneefs, maar so klein is die sekelmaan hier dat, as iemand van buite af staanplek kom soek, moet hy eers van die gesetenes verdryf sodat daar ruimte kan kom. So moes ook ons hier by Jerigo, by Jerusalem, by Ai en verder noord tot by Rama die grond met lewens koop. Ons veldheer het jou seker al vertel dat die hele gebied hier langs die see oop is as jy maar eers vir Jerigo het. Dis wel heuwelagtig, maar juis daarom is dit moeilik om mekaar te help teen enige invaller. Neem Jerigo in, en Kanaän lê oop.

Seun: Vader sê die Hebreërs is ook familie van ons?

Vader: Ja, my seun, eige familie, soos jy self kon gesien het aan die raafswart hare en arendsneus van die verspieders wat onlangs by daardie nare vrou, Ragab, gebly het; jy weet: die een wat daar half in die stadsmuur woon. Ek het kon dink dit gaan nie goeie werk afgee nie. Ons moes haar en hulle so op die nes gevang het, die slet . . .

Seun: Ja vader, ook hulle vel is soos ons s'n: warm van die woestyn se hitte. Ons is familie . . . Maar waarom maak ons dan nie vir hulle die stadspoorte oop nie, Vader? Netnou kry iemand nog seer ook.

Vader: My seun, hulle ontken die familieskap. En dis sulke familie vir wie jy die bangste moet wees. Hulle soort vra nie erfposisie nie, hulle wil die hele erf hê. Dis ons lewe wat hier op die spel is. As hulle vir Jerigo inneem lê die konings van Jerusalem, Hebron, Jarmoet en Eglon bloot, so oop soos op die palm van jou hand. Daarom is dit dwaas van hulle om nie vegmanne te stuur om op ons mure te kom help nie. Hier by Jerigo is maar die begin van die inval onder Josua – maar dis ook die einde: val Jerigo, val almal saam. Daarom, my seun, moet ons die mure sterk maak, nie met nog stene en klei nie, maar met manne. Nou sal jy verstaan, my seun, stamdraer van ons naam, enigste troos van my ouderdom, nou sal jy sien waarom ek jou laat roep het om vir jou te verduidelik dat jou plig op die stadsmuur is . . .

Seun: Jaaa . . . dit het vader al tot vervelens toe gesê. Vader se slaaf het my saam met ons jong klomp daar onder die vyeboom gekry. Ons is besig met groot planne, en buitendien moes ons alreeds 'n lang ruk stil bly en wag sodat die lawaai van die Hebreërs daar buite kon ophou . . .

Vader: Julle praat . . . planne . . . en Josua se manne loop al om die muur . . . slaap julle dan?

Seun: Ag, Vader, moet tog nie so begaan wees oor die ou klompie Hebreërs nie. Ons jongeres is besig met die dinge van die gees, dinge wat geen stadsmure ken nie. Dis soos die lied wat die kleinhorinkie kweel: dit bereik die oor van almal, en almal wat dit hoor en verstaan, is broers, kinders van een vader – gelyk. Hier sit vader, omring met slawe . . . slawe? Nee, mense soos u en ek vader. Daar loop die slavin wat vader laas saamgebring het ná die slag by die waterput. En daar loop 'n slaaf uit ons eie mense wat hom vir skuld aan vader kom verkoop het. Mense soos ons, Vader, bloedfamilie – soos u sê. En dan is u begaan oor Josua om die muur . . . ! Die onreg is nie buite die stadsmuur nie.

Vader: My seun, my seun, nou praat jy dwaas. As ek daardie vrou nie uit die woestyn hier heen gebring het nie, het die jakkalse lankal haar bene wit afgeknaag . . .

Seun: Ja Vader, u het mos die man wat haar teen die jakkalse sou beskerm het, help doodmaak. Is dit dan nou so danig edel . . .

Vader: My seun, dit was êk of hý. Dit kon êk gewees het, dan was jou moeder slavin en jy aasvoëlkos, en nie daardie vrou nie. En daardie man wat hom moes verkoop: hy was so vrot

van die skuld dat hy nog net hom self oorgehou het. As ek, sy landsman, hom nie wou koop nie, het hy lankal in Egipte langs die Nyl gekrepeer aan die kruipende dood wat hulle daar rooiwater noem. En daardie stadsmure wat dan kastig nie hoog genoeg is vir die dinge van die gees nie: dis al wat staan tussen jou en Josua, en as die mure nie vir Josua keer nie, sal die jakkalse jōu bene afkluiw terwyl jou gees huilend oor die sandvlaktes ronddool.

Dinge van die gees, man, waar huisves hulle as daar geen liggaam meer is nie?

Seun: Dit smaak my vader word nou driftig. Maar vader-hulle verstaan nie. Vader-hulle begryp nie dat ons moeg is van die ou dinge nie. Dis elke dag dieselfde ou klein stadjie met 'n muur daaromheen. Dis bedompige straatjies vol benoude kinders en honde en mense. En as die karavaan van Damaskus af op pad na Jerusalem kom, of andersom, dan word jy vasgedruk teen die huismure, die kamele en drywers skree en gaan te kere nog erger as Josua se klomp omlopers. En dis al afleiding. Ons is moeg vir dieselfde dinge. As een doodgaan dan moet al sy bloedverwante 'n kaal kol knip tussen hulle ooghare, net asof almal eners voel oor die saak. Of die heel naaste familie loop met liggame vol kerfsnye op straat om te wys hulle rou, en die vlieë wemel daarin. Gaan jy na die tempel of na die mark, dan word vir jou voorgeskryf: Moenie vermors nie . . . alles is daar vir julle om te eet en te bly lewe . . . kamele – die hele kameel: bloed, pootjies – vlermuise, aasvoëls, die vis met die lang baard wat so dikwels wurms in sy ingewande het . . . eet en bly leef. Ag, Vader, is die lewe dan al wat waarde het, moet ons juis bly lewe net omdat dit lewe is. Ons is moeg vir die oue, ons wil die nuwe hê. Die nuwe klop om die stadsmure. Vader . . .

Vader: My seun, waar sal ek die woord vind om jou te laat verstaan. Maar luister: Ons is kinders van die woestyn. 'n Lang ry voorgeslagte het geleer dat die woestyn dor is, het die harde les geleer deur honderde jare van ervaring dat die woestynkind wat kos versmaai, self kos word vir die aasvoëls. Eet wat die genade in jou hand stel, alles wat eetbaar is. Dis die wet van die woestyn waaruit ons kom. Tot nou toe was dit 'n goeie wet. Want al wat jy het, is die lewe.

As julle die nuwe soek, my seun, moenie begin met te versmaai wat deugszaam was nie. Vra hoekom, en probeer dan versigtig 'n ander ding stel in die plek daarvan. As jy nie 'n kol in jou ooghare wil knip nie, laat dit af en kyk hoe jy voel oor die saak. Die wat die kol wil knip, dis tog hulle saak? As julle net vye en dadels wil eet, wie sal dan eet en wie sal moet sterf omdat daar in die hele woestyn nie genoeg vye en dadels op die oases

groeï vir almal om te eet nie. As die stadsmuur te bedompig maak, gaan bly buitekant die muur en dan sal jy self ontdek hoe moeilik dit is om man-alleen die ongediertes wat uit die donker met gloeiende oë gluur van jou lyf af te hou. Eers eendag wanneer jy al die jakkalse uitgeroei het, en wanneer al die omringende woestynmense uitgedelg is, eers dan kan jy weet dis veilig om sonder stadsmuur te woon. Dan kan jy hom afbreek.

Seun: Maar Vader, 'n mens se lewe is so kort. Dit duur so lank om jakkalse uit te roei. En netnou maar word jy stokstyf weggebêre in 'n gat teen die kalkheuwels, al rol hulle dan ook 'n groot klip voor die bek teen die jakkalse. Vader, orals vandaan hoor ons van jongmense soos ons, uit Jerusalem, uit Ai, van anderkant die woestyn af vertel die karavaanleiers van jongmense wat die stadsmure wil afbreek . . .

Vader: My seun, as ons langer aanhou praat van vry wees, vry na die gees, broer van elke ander broer . . . as ons langer aanhou praat en twis oor dié vryheid, dan sal Josua dit vir julle klompie onnodig maak om Jerigo se muur af te breek. Hy sal dit vir julle doen. En julle? Julle sit en klets onder die vyeboom terwyl die verspieters vryelik tussen julle beweeg en julle nog boonop opstook om van die mure af weg te bly.

Seun: Aag, Pa . . . julle klomp ou mans! Wie bang dan vir Josua wat nou al hoeveel dae net een maal om die stadsmuur loop en dan verkas kamp toe om te gaan rus van die vreeslike inspanning. Hoe dink Vader: Gaan hulle die muur omstamp met knopkeries? So 'n ou klomp sandtrappers!

Vader: My seun, hoe dwaas kan die jeug tog wees? Julle vergeet één ding: Dis 'n groot veldheer wat met 'n hele volk behoue deur die woestyn kon trek. Josua sal weet hoe om 'n plan te maak met ons stadsmuur, daaraan hoef jy nie te twyfel nie. Maar ek sal jou sê wat ek sou gedoen het as ek in sy plek gestaan het. Om 'n stadsmuur somer so oop en toe te bestorm kos baie lewens. As man van die woestyn sal Josua ook al kwartels gevang het in die paar vleie waardeur hulle getrek het. Jy het mos al gesien hoe dit gedoen word: Jy gee hulle kans om agter 'n bossie of graspol weg te kruip; dan begin jy in wye kringe daaromheen loop onderwyl jy saggies kwelend fluit; ongemerk word jou kring al nouer en nouer, 'n halwe tree elke omgang; jy hou nie op loop of fluit nie; deurentyd kom jy egalig nader, nader, fluit-fluit, en as meneer kwartel dink dis hoe, wat jy hom mooi vas agter sy bossie. En dan beland hy in die braai-pot.

Seun: Vader dink tog nie ons is kwartels nie?

Vader: Ja, my seun, so iets van die aard. Kyk wat doen Josua. Hy trek elke dag net één keer om die muur met sy vegsmanne



en horingblasers. Dan gaan slaap hulle tot môre. Dan doen hulle dieselfde. Waarom? Pleks dat julle dááror by die vyeboom raad hou, praat julle oor watter deel van die kameel geëet moet word; julle praat oor die reg van elke mens om oor sy eie liggaam te beskik, die reg van elkeen om te dink, sê en glo wat hy wil. Julle begin selfs verkondig dat die trou tussen man en vrou oumenspraatjies is, julle vaders en moeders se vermanings is ouderwets.

Seun: Aag, Vader, laat hom net maar waag om 'n vinger op ons te lê, dan waai sy vere soos daai kwartel s'n.

Vader: My seun, luister, jy praat oor dinge waarvoor jou ore gesluit is, dinge wat jou oë nie wil sien nie, sake wat jou hart nie wil verstaan nie. Anders sou julle geweet het: Daardie eerste dag toe Josua omgetrek het, toe het almal wat in die poort en in die hoeke van die mark koop en verkoop, verskrik hulle negosie saamgeraap en by die owerste luid kom skree: „Maak oop die poorte, dis mense nes ons, maak oop dat ons orals vandaan kan koop en verkoop. As hierdie Hebreërs eers die mure moet omstamp, word al ons handelsware geroof en gebuit. Maak oop die poorte, die handel moet vry wees, vry oor die hele wêreld, maak oop . . . maak oop . . .” Jy weet, my seun, dié mense van die karavane: hulle kom vandag, en môre is hulle weg. Waarvandaan kom hulle? Waarheen gaan hulle? Wie ken hulle tuiste? Hulle kom en gaan is soos die van voëls, of soos die dou van die hemel. Hulle trek agter goud en silwer aan. Stadsmure? My kind, 'n stadsmuur is vir hulle net goed omdat daar binne orals hoekies is waar hulle negosie kan dryf, om 't ewe watter stad se mure.

Seun: Maar Vader, hulle . . .

Vader: Wag my seun, nou praat jou vader. Luister. Almal in die stad weet wat ná die tweede omgang gebeur het: net julle onder die vyeboom wil dit nie weet nie. Die teenstanders van die owerste, hulle wat self graag owerste wil speel maar nog altyd te sleg was om dit reg te kry, hulle het in Josua 'n bondgenoot en 'n geleentheid gesien om die owerste vir die aasvoëls te laat gooi. Ons eie verspieders het van hulle manne daar by Ragab sien binne gaan. Wat maak hulle daar? Wil hulle met Ragab praat of met Josua? – 'n Slet word nie deur 'n halfdosyn mans gelyk besoek nie. En onthou, sy was nog altyd nie een van ons volk nie.

Seun: Dit sê Vader net maar om argwaan op te wek. Wat Vader sê, kan nie bewys word nie.

Vader: My seun, verstaan jy nie wat ek sê nie? Ek sê: Josua weet wat gebeur na elke omgang. Hy is nie verniet die veldheer van 'n woestynvolk nie. Hy ken die hart van die mens, en wat

hy nie kan raai nie, vertel Ragab hom: eers die mense van die karavane, dan die teenparty van die owerste . . .

En nou vandag, my seun, nou sit julle klompie jonges onder die vyeboom. Julle wag nie eers dat Josua klaar omgetrek het nie. Waaroor het julle gesels?

Seun: Vader, ons het gevra of dit reg is dat die één mens soveel voedsel het dat sy oë uitpeul van vet en dat hy sy oorvloed kan wegpak in sy skure terwyl sy helpers, dié wat die oeste gemaak het, honger ly. Ons het gevra of ons-van-die-vrugbare-aarde alleen reg het op oorvloed terwyl die woestynmense die aakligste goed moet eet om aan die lewe te bly. Ons het gevra waar ons owerste die reg kry om selfsugtig alles binne die mure vir ons self te wil behou, terwyl buitekant die mure mense is soos ons – ook van ons bloed – wat node het, maar wat verniet aan die stadspoorte klop. 'n Mens is 'n mens, en wie meer het as sy onmiddellike behoeftes moet meedeel. Leef en laat lewe, dis die hoogste wet van die mensheid. En dis wat ons jonges soek: vryheid van alle bande, die hele mensheid één, en elke mens sy eie gesag om te kan maak soos en wat hy wil. Die hoogste mensl . . .

Vader: My seun, soos ek gesê het: Josua weet reeds dat die edelmoediges, die blom van ons volk se jeug, in hulle harte aangegryp is. Hy weet reeds dat die jonges, broers van almal wat jonk is oor die hele wêreld, nie op die mure sal klim nie! Hy weet . . . ! Hy weet . . . !

En môre is die vierde dag. Ná die omgang sal dié wat nog twyfel gehad het, die mense wat maar altyd op twee gedagtes sit, met mekaar gesels oor ons stad se onmenslikheid teenoor slawe, teenoor skuldenaars, teenoor swakkellinge wat gegesel word. Hulle sal begin fluister: „Ons naam het 'n groot stank geword onder die volkere van die aarde. Ons volk is boos en sy instellings is boos.”

My seun, en hulle sal nie weet dat hulle saam met Josua die omgang om die mure maak nie. Maar hý weet. Hy weet dat elkeen wat weifel nie op die mure sal help verdedig nie. Sy trawante is hier tussen ons en hulle blaas die brand van ou klein ontevredenheidjies aan tot 'n knettervuur, en ons weifelaars begin openlik mor: „Waarom moet party mense slawe wees? Hoe is dit moontlik onder beskaafde mense dat 'n man sy liggaam kan verkoop om skuld te delg?” Vandag is dit dít, môre is dit dát . . . Aag my seun, besef jy nie die murg in ons stad word omgang vir omgang weggevreet nie. Die mure van die stad verbrokkel in die hart van elke vegsman.

Josua het kwartels gevang en hy sal met sy omgang dag na dag volhou tot hy weet ons harte het geen begeerte meer na ons

eie dinge nie. Op die vyfde dag sal die ou mans en vrouens en die wat nog maar altyd bang was omdat hulle bloed koud is, begin murmureer. „As die stad binnegeval moet word,” vra hulle: „Waarvan sal ons leef? Maak tog oop die poorte, dis mense van ons bloed.”

Seun: Vader klink byna soos 'n waarsêer.

Vader: Toe maar, my seun, spot maar met 'n ou mens. Maar luister: My waarsêery is amper voltooi. Op die sesde dag sal ons, mense van die owerste – ja, óns – gewaar dat die twyfel in ons hart opgestaan het. Ons sal vir mekaar begin vra: „Moet ons nie onderhandel met Josua nie? Sal dit nie dalk moontlik wees om die Hebreërs binne te laat op voorwaardes nie? Ons was ook woestynswerwers, en ons is tog nie te vreeslik nie. Waarom vir hulle bang wees omdat hulle uit die woestyn kom?” En pleks dat ons op die mure waak, maak ons onder mekaar rusie soos kinders: „Sál ons? Of sal ons niè . . . ?”

En Josua sal merk die stadsmuur het min vegters agter die werings, en hy sal weet die groot dag is voor die poort . . .

Seun: Vader, bedaar, netnou maar glo jy jou eie woorde.

Vader: Ja, my seun, en dan sal Josua al sy manne aansê om die laaste omgang te begin – man, vrou en kind. Hulle sal op die groothorings blaas, op hulle trommels slaan, en skreeu dat dit klink soos 'n rukwind wat ons harte laat bewe. En binne in die mure sal die karavaanmense, die verydelde teenstanders, die jongmense wat die hele mensdom in hulle gees rondra en die eindelose oopgesprek voer oor die waardigheid en vryheid van die mens, die weifelaars, die banges en die met die kou bloed, hulle stemme verhef, en ek hoor 'n groot gedruis oor die aarde en dis vir my of die stad se mure van binnekant af omval na buitekant toe. Die Hebreërs sal nie eers nodig hê om storm te loop nie, want die stadsmure staan verkrummel in die harte van sy verdedigers. En dan? Oor die sandvlaktes sal die gehuil van jakkalse kom wat aan julle murglose bene lê en knaag, en julle vrouens en dogters wat slawe geword het in die huise van die Hebreërs, sal die gehuil hoor en ineenkrimp want daar sal niemand wees om hulle te beskerm nie . . . soos daardie slavin wat ek saamgebring het ná die slag by die waterputte.

My seun, my seun . . .

Seun: Aag, Vader, gesanik oor dinge wat verkeerd is en wat mens tog nie kan regverdig deur op die mure te gaan wagstaan nie. Die vyand is nie daarbuite nie, m . . .

Vader: My seun, my toekoms, eindelik sê jy die waarheid in woorde wat jy self nie begryp nie . . .

\*

Josua se verslag oor die veldtog, vertel hoe die omsingeling

van Jerigo afgeloop het. Dit eindig só: „Op die sewende dag het ons vroeg klaar gemaak toe die rooidag uitkom, en die stad op dieselfde manier sewe maal omgetrek; net maar dié dag het ons sewe maal omgetrek . . . Toe skreeu die volk, en hulle het op die horings geblaas; en toe die volk die geluid van die horing hoor, het die volk 'n groot krygsgeskreeu aangehef; en die muur het op 'sy plek ingeval en die volk het in die stad geklim, elkeen reg voor hom uit, en hulle het die stad ingeneem. En alles wat in die stad was het hulle deur die skerpte van die swaard . . .”

\*

Maar Josua het nie vermeld of die mure na binnekant toe of na buitekant geval het en of die mure nie net sommer maar gaan lê het nie.

# LOUIS EKSTEEN: TWEE GEDIGTE

## VERSLAG

Ek woon in 'n woonstel  
hoog bo 'n straat  
en hoor die stemme skel

en hiervandaan moet ek soms bel  
snags. Laat.  
Ek woon in 'n woonstel

ja, dis reg, u weet wel:  
alleen sonder maat  
en hoor die stemme skel.

Die son draai skeef  
en almal leef.  
Ek woon in 'n woonstel  
en hoor die stemme skel.

## PROSPEKTEERDER

Ek gryp met graaf en kernboor  
diep uit die grond gesteente:  
agaat, tieroog, ametis  
gelaag deur die tyd  
– sien hierin steeds die verborge skoot  
se skoonheid.

So delf ek deur die tydlae van die taal  
waaruit ek die bloedsteen haal  
granaat, smarag, galeen  
en met karmelyn  
besweer die pyn –  
met warm opaal  
die blou lig van die maan laat skyn.

## (1)

Caligula, keiser van Rome, het die aankondiging die middag in die Senaat gedoen en 'n uur later was dit aan elke slaaf en vryman in die stad bekend. Sy perd, 'n spierwit hings, is tot konsul uitgeroep. Ek kon my ore nie glo nie. As iemand die oggend gesê het dis moontlik, sou ek gesê het hy is van lotjie getik. Nie dat ek nie aan Caligula se kranksinnigheid gewoon was nie. Gesteun deur almal wat bang is om hulle koppe te verloor, het hy binne die eerste week van sy regering die wette van die land herskryf. In die praktyk het dit daarop neergekom dat niemand meer geweet het wat wát is nie. Meer as een advokaat het in sy eie woorde verstrik geraak en is, as gevolg daarvan, aangekla van minagting van die hof. Daarna is die hele beskaafde wêreld geskok deur die keiser se aankondiging dat hy Apollo is en dus verhewe bo alles wat sterflik en onsterflik is. Alles in ag geneem behoort niemand dus verbaas te gewees het nie. Buitendien, daar was die proklamasie so helder soos die môreson, aangekondig met trompette, geskryf op al die mure van die stad en fluisterend herhaal deur duisende Romeine. Die waarheid kon nie ontken word nie: Rome het die ongeëwenaarde prestasie behaal om die eerste te wees om 'n perd vir 'n konsul aan te stel.

Niemand het iets durf te sê nie – nie eers die geagte senators nie. Sommige van hulle het glo gekug, en een het werklik opgestaan en die keiser geluggewens met sy humorsin. Maar Caligula het dit nie waardeer nie. Intendeel, die ongelukkige kêrel is onthoof voordat sy woorde koud was, en dié wat gekug het, het geweet dat hulle voortaan in hulle spore sal moet trap.

Dit dan was die situasie op daardie gedenkwaardige dag. Vir die eerste keer was ek heimlik bly dat ek nie 'n senator is nie, want in my eenvoud sou ek sweerlik uitgebars het van die lag. Dis nie aangenaam om 'n slaaf van Rome te wees nie, maar mens se lewe is darem veiliger.

Dieselfde aand is ek deur 'n onaardse lawaai wakker gemaak. Dit was Caligula en die senators wat die konsul met 'n partytjie in sy amp verwelkom. Die konsul was glo teenwoordig en het sy wyn uit 'n silweremmer gedrink, want Caligula het daarop aangedring dat hy meedoen. Of die ongewone drank hom kwaadgedoen het, weet ek nie. Al wat ek weet, is dat die hofskinker,

Sextus, 'n Macedoniër met 'n kinderlike voorliefde vir perde, die volgende dag sonder verhoor onthoof is. Ek was treurig. Ons gemeenskaplike lot as slawe van Rome het ons van die eerste dag af onafskeidbare vriende gemaak. Ek kon met die beste wil ter wêreld nie dink aan watter misdaad hy skuldig kon wees nie.

Ek het gou uitgevind. Die keiser het die dag soos 'n leeu in 'n kuil rondgestap en in sy woede gesmeul.

„Die dwase!” het hy onophoudelik gesis. „Dwase . . . leeg-lêers . . . ek sal hulle almal vermorsel. Hoe durf hulle . . . die vermetelheid!” En nog baie ander dinge, wat eintlik net herhalings was, want Caligula ken meer sinonieme as die grootste literator en is trots daarop.

Te midde van hierdie onwaardige uitbarsting het Cassius, die kaptein van die paleiswag, my na vore gedring. Die keiser was nie alleen nie. 'n Sestal senatore het bewend met geboë hoofde, soos eerbiedige kinders voor hom gestaan. Hulle het klaarblyklik reeds onder Caligula se tong deurgeloop.

Die keiser se nekspiere het geruk toe hy my sien. Met een tree was hy voor my.

„Kyk in my oë, Antonius,” skreeu hy. Twee angsvolle minute het gevolg. Ek kon die senatore onnatuurlik hoor asemhaal. Dan, tot my verbasing, glimlag hy, draai vinnig na Cassius en wys na die senators.

„Neem die dwase uit,” gebied hy koud. „Hulle stink.”

Een senator val op sy knieë voor Caligula. Ek herken Lucius, een van die oudstes.

„Genade, Caius,” smeek hy in 'n hees stem.

Caligula lag veragterend en stoot die ou man met sy voet om sodat hy agteroor val.

„Sny sy tong uit voordat jy sy kop afkap,” sê hy aan Cassius.

Ek was ontsteld. Die getroue ou senator se vonnis was so sinneloos dat dit my met afgryse vervul het. Caligula se hoë stem het die werklikheid vlymskerp laat uitstaan.

„Antonius,” sê hy, op 'n toon wat hy altyd aanslaan as hy op sy gevaarlikste is, „Antonius, weet jy waarom ek 'n einde aan hulle sieklike lewetjies maak? Hm? Ek sal jou sê. Hulle wou die konsul vergiftig. Jou groot vriend, Sextus, was aan die hoof van die sameswering. Hoe durf hy . . . hoe durf hy!”

Ek was 'n jongman toe ek in boeie na Rome gebring is, maar ek is gered van 'n onsalige bestaan deur die feit dat ek 'n geleerde was. Keiser Augustus, onder invloed van Livia, het naamlik besluit om van my gebruik te maak. Ek is as 'n soort bibliotekaris aangestel, 'n pos wat my blykbaar geskik gemaak het om die kinders uit die keiserlike huis te onderrig. As seun van die edel Germanicus, het Caligula na sy vader se tragiese

dood, een van my leerlinge geword. Ek het dus presies geweet hoe om hom te paai.

„Hulle verdien die dood, heilige Apollo,” sê ek vlotweg.

Sy oë brand in myne. Hy leun vooroor en ek voel sy warm asem in my gesig.

„Wat dink jy van hom, Antonius?” fluister hy.

„Na wie verwys u, heilige Caesar?” vra ek.

„Na die konsul, natuurlik, jou stommerik!” skreeu hy. „Wie anders?”

„Ek respekteer u oordeel, heilige Caesar.”

„A!” Caligula se oë glinster. „Jy is nie so onnosel as wat jy lyk nie, Antonius. Ek gaan jou beloon, hm?”

„U het my alreeds soveel gunste bewys, heilige Caesar,” begin ek nederig, maar hy val my met sy skreustem in die rede:

„Stil! Hoe durf jy teenpraat? Ek vra nie óf ek jou moet beloon nie; ek dóén dit. En dis nie omdat ek dink jy is beter as die ander nie. Jy is net so verrot. Het jy enige besware? Hm?”

„U wil geskied, heilige Caesar. Wat verlang u van my?”

Sy oë word dof, asof hy peins. Eindelik kyk hy na my en sê waardig:

„Jy, Antonius, jy is uitverkies om die konsul persoonlik te dien.”

My lang verblyf in Rome en my kennis van die Caesars het my geleer om nooit enige verbasing te toon nie. Bo alles, Caesar is altyd reg – veral as hy verkeerd is.

„U doen my 'n groot eer aan, grote Apollo,” sê ek met my hart in my keel, en buig laag. „My lewe behoort aan u.”

Weer kyk hy lank na my. Sy oë kyk snaaks oorkruis, asof hy op twee plekke tegelyk wil kyk.

„Kom,” sê hy skielik, en draai sonder meer om.

Ek volg hom deur die paleisgange, na die oostelike vleuel wat Tiberius, Caligula se voorganger, vir koninklike en ander hoë gaste gebruik het. Hy kyk nie om te sien of ek volg nie. Eers toe ons by die ruim ruskamer kom, staan hy stil.

„Hier,” fluister hy, asof ons samesweerders is.

Ek was selde in my lewe so verstom. Die konsul het voor die venster gestaan, en sy stert geswaai om 'n lastige brommer te verjaag. Wat my aandag dadelik getrek het, was die versiering waarmee die vertrek op elke denkbare wyse oordek was. Die konsul self was van kop tot hoef met veelkleurige linte behang. Net Caligula se somber teenwoordigheid het verhoed dat ek uitbars van die lag.

Toe ons die vertrek binnetree, draai die konsul om en wys sy tande op 'n snaakse manier asof ek nie welkom is nie.

„Goeiemôre, heilige konsul,” groet Caligula, en ek gewaar



'n klank van respek in sy stem.

Die konsul runnik saggies, en Caligula raak byna buite homself van opgewondenheid.

„Hoor jy, Antonius,” hyg hy. „Hoor jy, hy verstaan. Is hy nie onoortreflik nie?”

Ek het dit vreemd gevind dat Caligula die perd se natuurlike instink om op sy baas se stem te antwoord, as iets buitengewoons beskou, maar weereens het ek besef dat ek hom nie moet teëspreek nie.

„'n Pragtige dier, Caesar,” prys ek. „U smaak is onoortreflik. Hy sal u nog baie oorwinnings besorg.”

Caligula se kop ruk agteroor soos 'n swaard wat in die grond geslinger word.

„Oorwinnings!” skreeu hy hees. „Die konsul is in staat om die hele wêreld te verower. Hoor wat ek profeteer, Antonius. Die hele wêreld sal eendag aan ons behoort . . . elke volk sal die knie voor ons buig en dit . . . dit alles deur hom!”

In 'n oomblik van ekstase gooi hy sy arms om die dier se nek en soen hom wild.

„U het beslis gelyk, heilige Caesar,” stem ek saam, en maak of ek die belaglike skouspel nie raaksien nie. „Maar hoe kan iemand so nederig en onbelangrik soos ek so 'n groot taak verrig?”

Caligula swaai na my en spoeg byna in my gesig.

„Hy sal jou heilig,” sis hy. „Die Konsul sal jou heilig sodat jy hom kan leer.”

„Leer, heilige Apollo?” ek kon my verslaentheid nie wegsteek nie. „Wat kan ek hom leer? Is hy nie reeds die beste ryperd in die hele wêreld nie? Het hy nie reeds sy waarde op die slagveld getoon nie? Het u hom nie reeds tot lewenslange konsul verhef nie? Is hy nie . . . ?”

„Dis nie genoeg nie, jou dwaas,” sny hy my woordevloed kort. „Ek wil hê hy moet praat, verstaan, redeneer, toesprake maak in die Senaat.”

„U het groot vertrou in my, heilige Apollo,” sê ek, asemloos.

Caligula lag veragkend. Ek merk die kranksinnige blik in sy oë.

„Ek het nie vertrou in jôu nie, jou sot,” sê hy deur sy tande. „Ek het vertrou in hom.”

Ek buig laag, uit erkenning vir die kompliment.

„Met u verlof, Caesar, sal ek dadelik met die taak begin.”

Hy gluur my aan. „Ek verwag resultate,” sê hy waarskuwend.

„As dit u behaag, heilige Apollo, sal ek slaag.”

Hy staar na my. Sy oë blink onnatuurlik

„Kyk goed na die edele konsul,” sis hy. „As jy nie slaag nie, sal ek . . . ek sal jou vir die leeus gee vir 'n middagmaal.” Na 'n lang pouse vervolg hy: „Onthou, Antonius, jy is nie 'n Romein nie. Jy word maar net in Rome geduld solank jy gehoorsaam is. Of het jy vergeet jy is maar net 'n klein Griekse slaaf? Hm? Ek het nie vergeet nie, klein Griek . . . ek vergeet niks.”

(II)

Die stilte wat op die vreemde aankondiging gevolg het, was tref-fend. Dit was of almal met stomheid geslaan is. As iemand wel iets te sê gehad het – selfs onder sy vriende, want vriende en vyande was in die omstandighede een en dieselfde ding – was dit 'n onoortuigende geprys van die keiser se wysheid en die perd se buitengewone vermoëns, wat, sedert sy konsulskap, vertiendubbel het – aldus die professionele redenaars.

Dit het byvoorbeeld oornag mode geword onder die senatore se vroue om die nuwe konsul te bespreek asof hy 'n generaal is wat as oorwinnaar van die slagveld teruggekeer het. Dit was 'n aardigheid om hulle te hoor. Een sou byvoorbeeld die konsul se grasia as sy mees aantreklike eienskap noem, en die ander sou sonder uitsondering onvoorwaardelik saamstem, met sugte en hoofknikke om die eenheid te beklemtoon. Iemand anders sou dan miskien die hoop uitspreek dat alle mans eendag so sterk en gespierd sal wees, waarop almal dit met hart en mond sou sekondeer.

Dit spreek vanself dat die geagte senatore hulle vroue onder normale omstandighede oor die kole sou gehaal het, al is dit dan ook net ter wille van hulle manlike hoogmoed. Die waarheid is egter dat Caligula tydig en ontydig binne en buite die Senaat na die versierendheid van die vroue verwys het, en dít kon nie verontagsaam word nie. Die wind was duidelik in die vroue se guns. Die senators, het die keiser in sy skreeustem verklaar en sy hande op karakteristieke wyse geswaai, behoort die stof onder hulle vrouens se voete te soen. Meer nog, enigeen wat sy vrou durf verkleineer en kla oor haar nasionale vuur, sal sy kop verloor. Dit alles was melodramaties soos al Caligula se toesprake, maar niemand het aan die erns daarvan getwyfel nie.

Die konsul se vreemde invloed was egter nie net tot die bevoorregte klasse beperk nie. Soos altyd die geval is, is die mode wat die hoër klasse aanvaar, gou deur die vroue van die werkers en soldate nagevolg.

Die uitspattighede van Cassius se losbandige vrou is 'n goeie voorbeeld van die kruis wat die Romeinse burgers moes dra. Sy het die konsul een middag tydens 'n keiserlike vertoning in die

arena gesien en was positief verspot in haar beskrywings van die dier. Of dit egte bewondering was vir die volmaakte ledemate van die perd (selfs sy grootste vyand sou erken dat sy weerga in daardie opsig nie maklik te vinde was nie), of 'n bedekte poging om Caligula se guns te wen, is nie duidelik nie. Vroue is so duister soos 'n put. Wat ook al die waarheid is, die groot Apollo het van haar matelose bewondering te hore gekom. 'n Uur later het sy half-gekleed voor hom geparadeer – en dieselfde nag was sy die soveelste keiserlike minnares.

Toe Cassius my dus een môre met 'n grinnik op sy rooi, ronde gesig kom sê dat keiser Caligula my teenwoordigheid verlang en sarkasties byvoeg dat hy, Cassius, nie kan insien wat die keiser van my wil hê nie, want ek het nie 'n vrou nie, het ek die aanmerking oorgesien en simpatiek geglimlag. Sy stuursheid, het ek gevoel, is ten volle geregverdig.

'n Paar dae later het ek langs 'n omweg verneem dat Cassius van sy pos onthef en na die Rynland gestuur is. Niemand het weer van hom gehoor nie.

### (III)

Met die konsul se onderrig het dit bo verwagting goed gegaan. Hy was 'n gewillige leerling en na die eerste week kon hy runnik op maat van 'n trompet. Caligula was egter nie tevrede nie. Ek moes aan iets dink om hom te kalm. Twee dae na my eerste sukses het ek tot my eie verbasing daarin geslaag om die konsul te oorreed om sy stert te swaai en met sy kop te knik as die keiser verskyn. Caligula was oorstelp soos 'n kind, en kon nie genoeg sê om sy waardering vir die konsul se talente te toon nie. Asof oordrywings nie genoeg is nie, het hy troetelnaampies uitgedink en digters gebied om gedigte te skrywe waarin dié woorde herhaaldelik voorkom.

Die verhouding wat gaandeweg tussen die twee ontwikkel het, was ongelooflik. Na die eerste maand het ek vreemd ontuis begin voel, soos 'n indringer wat gedwing word om in dieselfde vertrek as twee verliefdes te leef. Jy hoor wat hulle sê, jy sien wat hulle doen, maar jy deel nie hulle geheime nie.

Die erbewyse waarmee die konsul oorlaai is, was nie minder vreemd nie. Een dag sou die keiser byvoorbeeld bevel gee dat ek voortaan moet buig voordat ek die perd aanspreek; 'n paar uur later sou hy my daarop wys dat gebrek aan waardigheid van my kant die konsul irriteer.

„Nie dat jy in staat is tot enige waardigheid nie, Antonius.” het hy gesmaal. „Maar jy kan minstens probeer om jou aan te pas by die groot taak wat ek jou opgelê het.”

„Dis voorwaar 'n edel taak,” het ek saamgestem en met spyt gedink aan al my leerlinge wat ek moes verwaarloos sedert ek die konsul se onderrig begin het.

„Kan jy dit nie aanvoel nie, jou sieklike dwaas?” skreeu hy hees. „Is jy so dikvellig, so ongevoelig, so barbaars, so onnosel, so heethoofdig, so on-Romeins dat jy nie grootheid kan herken as jy dit sien nie? Is jy, Antonius? Is jy blind vir alles behalwe die alledaagse, die konvensionele, die doodgewone, die afgesaagde, die barbaarse? Wil jy hê ek moet jou oë laat uitsteek, hm? Kyk na die edel konsul. Kan jy niks sien nie? Net omdat hy nie is wat jou klein verstandjie dink hy behoort te wees nie, is jy bevooroordeeld. Oppas, klein Griek, oppas! Kyk na die konsul . . . kyk, sê ek! Sien jy niks groots, niks verhewends nie? Hm? Hy het persoonlikheid. Verstaan jy wat dit beteken? Per-soon-lik-heid!”

Een môre merk ek tot my verbasing dat die konsul se runnik nie meer so alledaags klink soos vroeër nie. Eers het ek gedink dis my verbeelding wat my parte speel, maar ons daaglikse gesprek het my eerste indrukke gou bevestig. Daar was nie die minste twyfel nie. Die klank daarin het onmiskenbare karakter gehad.

„Wat op aarde het gebeur, edel konsul?” vra ek spottend. „Het Apollo jou besoek gedurende die nag? Hm?” Die volgende oomblik word ek yskoud. Die konsul se bo-lip was veragterend geplooi en 'n siggeluid het uit sy neus gekom.

Dis begryplik dat ek heimlik besluit het om hierdie insident te verswyg. Maar ek het die nodeloosheid daarvan van die begin af ingesien. Caligula se oë kyk wel oormekaar, maar hulle is verbasend vinnig om iets op te merk. Buitendien, daar was altyd die konsul se natuurlike wispelturigheid waarmee ek rekening moes hou. Per slot van rekening was hy 'n konsul van Rome en ek weinig meer as 'n slaaf!

Ek was nie by toe die grote Apollo die nuwe vermoë ontdek het nie, maar die volgende dag het hy my laat roep. 'n Paar senatore het met geboë hoofde ongemaklik eenkant gestaan, terwyl Caligula elke denkbare belediging oor hulle stort. Plotseeling swaai hy na ons. Hy haal diep asem wat sy nou bors laat swel.

„Ek weet wat ek gaan doen,” skreeu hy onverwags.

Ons almal buig laag om die meerderwaardigheid van sy verstand te erken, maar die keiser skop die senator naaste aan hom op die skeen. Die ou man kom met 'n onderdrukte kreet orent.

„Wie het julle gevra om te buig,” bulder hy. „Luister na my, julle klein dwases met die sieklike verstandjies. Ek gaan julle môre-aand toon hoe groot die konsul is. Verstaan julle, ek gaan

julle wys hoe pateties julle is, hoe wurmagtig, hoe kleinlik, hoe sielloos, hoe onwaardig om te leef."

Niemand waag dit om selfs die geringste geluidjie te uiter nie.

„Maak dat julle wegkom!" Ons buig weer, en hierdie keer keur hy dit met 'n honende glimlag goed. „Ons sal sien of julle môre so laag voor die konsul kan buig, hm? Ons sal sien, my klein dwasies."

(iv)

Caligula se demonstrasie van die konsul se grootheid het die vorm van 'n banket aangeneem. Dit was, na alle standarde, 'n buitensporige affêre. Wyn het in oorvloed gevloei en kos het die eettafels versier met 'n oordadigheid wat Tiberius se beroemde maaltye soos eenvoudige burgerlike partytjies laat lyk het. Teen watter persoonlike prys het die geagte senators eers 'n week later uitgevind toe Caligula koelweg in die Senaat aankondig dat elkeen 'n boete van vyf duisend silwerlinge opgelê word, nadat hy hulle op sy gewone sarkastiese wyse 'n preek afgesteek het oor hulle vraatsugtigheid.

Die eregas het op 'n rooi tapyt gestaan, twee treë vanwaar Caligula die verrigtinge met 'n grynslag waargeneem het. Daar was niks in die konsul se houding wat belangstelling verraai nie. Om die eerlike waarheid te sê, sy gebrek aan belangstelling was ontstellend, veral vir die senators wat gevrees het dat Caligula die konsul se afsydigheid aan hulle misdade sal toeskryf. Die keiser se humeur word juis vir die afgelope vier weke meer en meer deur die konsul se giere en grille beheer, en niemand het geweet wanneer die volgende uitbarsting sou kom nie. Van al hierdie dinge was ek akuut bewus. My teenwoordigheid, het ek besef, was slegs geduld omdat ek die konsul beter kon beheer as enigiemand anders, en die uitslag van die verrigtinge sou my lot beseël.

„'n Waardige byeenkoms, heilige Gaius," het ek ou Titus onderkruiperig hoor sê. „Voorwaar 'n oomblik sonder weerga in die geskiedenis van Rome."

Caligula se veragting vir die ou man was so helder soos die son.

„Hou jou groot bek, ou kêrel," sis hy. „Moenie dink jy kan my om die bos lei nie. Julle is almal verraaiers."

„Verraaiers, heilige Caius?" mymer die ou man, te verstom om meer te sê.

Caligula se tande kners op mekaar. Hy leun oor na Titus en brand hom met sy deurborende blik.

„Julle is almal verraaiers, die hele spul van julle. Samesweer-

ders! Julle haat die edele konsul. Julle is nie hier om hom eer te bewys nie; julle is hier om fees te vier. Julle haat hom, en waarom? Omdat julle . . ." hy wys met sy vingers hoe groot . . . „net so groot is . . . luise, vlooië, miere!"

Almal het die woorde gehoor. Caligula se fluistering is altyd 'n hees geskreeu. Niemand was egter voorbereid vir die gebeure van die volgende paar oomblikke nie. Die keiser het skielik opgespring, my uit die weg gestamp en sy arms om die gespierde nek van die konsul geslaan.

„Praat met my, edel konsul," smeek hy in 'n skor stem. „Praat met my. Toon hierdie armsalige beskonke dwase hoe verrot hulle is. Jy . . . jy alleen kan ons volk red. Sonder jou guns is ons verlore."

Die pouse wat gevolg het, was swanger. Toe druk die konsul sy massiewe kop teen Caligula se skouer.

„Wat is dit, edel vriend?" vra Caligula ontroerd.

Die perd snork liggies en trippel onrustig. Dan plotseling spits hy sy ore en lig sy kop na die plafon asof hy iemand uit die sfeer hoor roep.

„Dis Apollo," stotter Caligula. „Apollo praat met hom. Kyk, julle dwase, kyk hoe groot hy is. Besef julle nou hoe kleinlik julle werklik is? Kniel voor hom . . . kniel!"

Ek het saam met die ander op my knieë geval en verstom ge-luister na Caligula se onsamehangende, historiese geprewel, slegs onderbreek deur die konsul se sagte gerunnik.

„Staan op, dwase!" skreeu hy plotseling. „Die heilige konsul het julle benadig en julle swart misdade oorgesien."

Dit was 'n pynlike gesig om die ou, verrimpelde senatore van die vloer te sien opstaan. Hulle gesigte was vreemd uitdrukking-loos. Dan, asof op 'n afgesproke teken, begin almal tegelyk praat oor die konsul se merkwaardige visioen, sy grasie, sy groot piëteit, want dit moet hulle nederig erken, daar was oomblikke dat hulle getwyfel het aan sy grootheid, maar nou is hulle oë geopen, danksy Apollo se genade.

Maar daar was 'n somber verslaentheid in hulle oë, asof iets hulle afruk na 'n grafkelder. En die lug daar word bedompiger hoe dieper hulle gaan . . .

## (v)

Die gebeure het 'n ontstellende uitwerking op my gehad. Ek het 'n diep weersin in die konsul ontwikkel, tot so 'n mate dat ek gevrees het dat dit my daaglikse omgang met hom sou affekteer. En dit, het ek besef, sou Caligula gou genoeg opmerk met noodlottige gevolge vir my.

Só 'n toestand lei noodwendig tot frustrasie, des te meer omdat ek deur my daaglikse omgang met die perd geheilig is, en dus ongeskik om vir gewone leerlinge onderrig te gee – nie ter wille van my nie, het Caligula my met nadruk verseker, maar ter wille van die konsul.

Saans het ek moeg na bed gegaan, te uitgeput om die gebeure van die dag in perspektief te stel. Soms het ek na die sterre gekyk soos 'n romantiese skoolseun en aan my geboortestad, Athene, gedink. Ou, halfgestorwe herinnerings van my jeug het nou in my gedagtes rondgedool met 'n hewigheid wat ek lank nie meer geken het nie, en my meer as ooit na Athene laat hunker. Vir die eerste keer in my lang vreemdelingskap in Rome het ek geweet wat eensaamheid is. My ganse wese het uitgeroep na die lug wat oor Athene hang, en ek het gevoel hoe die trane in my oë brand as ek daaraan dink.

Een nag skrik ek wakker met 'n dowwe geklop in my ore. Minute het verbygegaan voordat ek die geluid kon herken. Dit was die konsul wat met sy hoof oor die gladde vloer skuur, aanhoudend en dwingend asof hy kontak soek met iets bo-aards. In die stilte van die nag was dit 'n senutergende klank, en ek het lank asemloos daarna gelê en luister.

Die volgende oggend toe ek die konsul se slaapkamer binnegaan, kom Caligula my tegemoet. Ek merk dadelik dat daar 'n verandering oor hom gekom het. Daar was 'n glimlag om sy lippe, maar dit was styf en gespanne en het die kleur van marmer gehad. Ek het laag gebuig.

„Moenie binnegaan nie, jou gek,” sis hy. „Kan jy nie respek toon nie?”

„Soos u beveel, heilige Caesar. Het die edele konsul goed gerus?”

Caligula grynslag. „Die konsul peins,” sê hy hooghartig, maar hy kyk nie na my nie. „Ek verwag 'n openbaring binnekort.”

„Inderdaad, heilige Caesar!” roep ek uit. „Apollo spreek slegs deur sy geesgenote.”

Die keiser se oë word donker. Vir geruime tyd staar hy na my. „Besef jy watter bevoorregte man jy is, Antonius?” vra hy met klem. „Jy verstaan dit nie, dis jou moeilikheid. Jy is besig om die grootste metamorfose, die grootste wonder van alle tye mee te maak. Hy, Antonius, hy sal ons volk tot die hemel verhef, verstaan jy dit, verstaan jy die implikasie daarvan?” Sy stem word swanger van aandoening. „Jy sal dit alles meemaak, Antonius; jy, 'n armsalige, siellose Griek, sal die opkoms, die triomf van ons Nasie aanskou.”

„Die oomblik is te oorweldigend vir woorde, grote Caesar,” sê ek nederig.

Op daardie oomblik het die Konsul sag gerunnik en Caligula se oë het gevlam.

„Die teken,” juig hy, „die teken!” Toe snel hy deur die voorportaal. „Blaas die trompette,” skreeu hy. „Blaas, julle dwase, blaas!”

Die konsul was vreemd stil terwyl die majestieuse klanke deur die paleis weergalm. Hy maak 'n nat kol op die rooi tapyt.

(vi)

Daar het min dae verbygegaan sonder dat dit gekenmerk is deur 'n nuwe wetgewing rakende die konsul. Gewoonlik het dit die vorm van stiptelike aanwysings aangeneem aangaande die gedrag van die volk teenoor die konsul, of 'n nuwe eerbewys wat die senatore moes nakom in sy teenwoordigheid.

Die verrigtinge in die Senaat het elke oggend op dieselfde manier begin. Caligula het opgestaan, na elkeen afsonderlik gekyk, asof hy probeer om skuld in hulle oë te lees, en dan smalend geglimlag.

„Ek merk my klein dwasies verkeer almal in 'n toestand van selftevredenheid. Wat sal ons vandag doen om julle klein verstandjies aan te wakker, hm?” En so meer. Dit is gewoonlik gevolg deur die voorlesing van 'n nuwe gedig ter ere van die konsul, onder luide applous. Hierdie gedigte was spesiaal deur jong digters geskryf wat ôf die keiserlike guns wou wen ôf 'n paar ekstra geldstukkies verdien. Nie een van hierdie oogmerke is behaal nie, en dit word vertel dat meer as een in 'n oomblik van wanhoop selfmoord gepleeg het.

Iets wat dikwels herhaal word, word tweede natuur. Die senatore het nie 'n antwoord op die menigvuldige wanpraktyke geken nie en het blykbaar ook nie omgee nie. Caligula se kranksinnige voorstelle is een na die ander sonder meer aanvaar en selde buite die Senaat bespreek, asof hulle die onderwerpe vermy het sover hulle kon.

Natuurlik was daar rebelle, jongmanne wat as beloning vir hulle prestasies op die slagveld op jeugdige ouderdom in die Senaat toegelaat is. Dit het hulle dus nie aan moed ontbreek nie, slegs aan oortuiging en erns, en 'n gevoel van verantwoordelikheid. Maar as al hierdie dinge in ou manne ontbreek, is dit nouliks regverdig om dit in jong manne te soek.

Die enigste jongman wat dit gewaag het om Caligula teë te spreek, was Carpus, 'n lid van 'n adellike familie wie se geskiedenis eeue tel. Hy het die edelmoedigheid aan die dag gelê om 'n persoonlike onderhoud met Caligula te vra, omdat hy die keiser nie openlik in die Senaat wou teëstaan en hom in die ver-



leentheid stel nie. Caligula het smalend toegestem, en sarkasties gepraat van sekere jongmanne wat dink dat hulle dienste aan Rome hulle immuun maak teen veroordeling deur Caesar.

Carpus is van alle kante sterk aangeraai om die onvermydelike vir eers te aanvaar en liever te wag totdat 'n opstand gereël kon word. Dit was logies en verstandig, maar Carpus het die fout gemaak om Caligula se bedekte dreigemente weg te lag. Spioene is oral, selfs onder 'n man se beste vriende, soos Carpus te laat uitgevind het. Caligula het hom die middag ontvang, 'n maaltyd aangebied, en vier uur later het die moedige jong man na 'n ontsettende lyding gesterf.

Die skielike, hoogsagterdogwekkende wyse waarop hulle held gesterf het (niemand het getwyfel dat Carpus vergiftig is nie, maar almal se monde was gesnoer), het die volk soos 'n nederlaag getref. Ten spyte van herhaalde waarskuwings van Caligula is oor Carpus sewe dae gerou, en optogte is gehou – 'n ongehoorde ding in Rome – totdat die tuisweg met omkoopgeld oorreed is om die demonstrasies op te breek. Meer as drie honderd manne en vroue is gedood.

Niemand het verbasing getoon toe Caligula een oggend op sy gewone bombastiese wyse aankondig dat 'n beeld vir die konsul opgerig gaan word nie. Die Senatore was nog te versuf deur die voorafgaande gebeure om selfs maar geestelik in opstand te kom, en toe die volk daarvan te hore kom (Caligula het wyslik besluit om hierdie keer alles dig te hou), was die beeld al byna voltooi en dus ou nuus.

Dit was 'n lewensgrote beeld, uit marmer gehou, twintig hande hoog, met vlammende oë en wydsperrende neusgate. Dit was voorwaar 'n pragwerk, en wat ook al die gevoel van die Senatore wat die onthulling van die beeld bygewoon het, hulle waardering vir die kunswerk was sonder perke. Maar niemand het iets gesê nie, uit vrees dat Caligula dit vir 'n gebrek aan respek sal aansien.

Hoe wonderlik was dit alles nie. 'n Soort bo-aardse seremonie met al die bombasme en eerbied wat sulke seremonies kenmerk! Die kunstenaar, 'n middeljarige Griek met 'n kort, stewige liggaam en 'n geheimsinnige glimlag wat mens onwillekeurig na sy sprekende oë laat kyk, het eerbiedig eenkant gestaan, asof hy uit sy plek voel. Hy was 'n slaaf, op 'n laer trap as ek. Ek het verskeie kere probeer om sy vriendskap te wen, maar sy afsydigheid, en veragting vir die gunste wat ek geniet het, was 'n muur. Sy arbeid was gratis, of, soos Caligula herhaalde keer in sy duister toespraak gesê het, alles was tot eer van 'n ideaal, tot heil van die Romeinse volk en tot verheerliking van Apollo!

Die konsul was egter nie teenwoordig nie. Net ek, Caligula

en die konsul se persoonlike dokter het geweet waarom . . . en ons monde was gesnoer.

Wat sou die reaksie van die eerbare senatore gewees het as hulle geweet het dat die konsul Caligula die môre geskop het, en van die keiser se vrees dat die stomme dier dit in die openbaar sal herhaal?

(vii)

Een onmiddellike gevolg van die beeld se onthulling was dat die konsul ongelooflik hoogmoedig geword het. Vir die eerste keer het ek die eienaardige indruk gekry dat hy my as sy mindere beskou.

Die ergste was dat Caligula die konsul se veragting vir my aangevoel en my dienooreenkomstig behandel het. Ek het meer en meer vir my lewe gevrees en snags onrustig deurgebring. Dit spreek vanself dat my geestestoestand my daaglikse handel en wandel nie goed gedoen het nie.

'n Ander karaktertrek wat gaandeweg sy verskyning gemaak het, was luiheid. Dit het by die dag moeiliker geword om hom te oorreed om sy daaglikse oefening te doen. Dis 'n plig wat ek ook nie kon ontduik nie, danksy Caligula se wakende oog. Die keiser het na die skop wat die konsul hom so onverwags toegedien het, met een of ander verskoning altyd daarin geslaag om die konsul aan my sorg oor te laat. Dit het meer as een probleem opgelewer want alhoewel ek self nie 'n swak ruiter was nie, het die konsul ten volle van my gebrek aan ondervinding gebruik gemaak om sy baldadigheid vrye teuels te gee. Buitendien was ek nie meer so jonk nie en die ongewone inspanning het my nagte van tergende slapeloosheid besorg.

Daar was iets tragies in die konsul se ponie-agtige uitgelatenheid, en ek het dikwels gewonder wat Caligula besiel om die perd meer te wil maak as wat dit is. Vreemd genoeg, ek het 'n eienaardige simpatie vir die dier ontwikkel en met voldoening gevoel hoe die spiere van sy massiewe liggaam rol en bult. Miskien was ek op daardie oomblikke gelukkig, meer tevrede as op enige ander tydstip van my verblyf in Rome. Maar die vrye lug, die onbesorgdheid het nuwe verlangens in my opgeroep; die hunkering na Athene het 'n verterende honger geword. Dit was of iets allengs besig was om verby te gaan, of ek op iets onvas staan, op 'n rots wat oor 'n afgrond hang.

Caligula het altyd in sy oorlogswa op 'n afstand gevolg.

„Armsalige, kleinlike dwaas,” skreeu hy eenmaal toe ek die konsul aanspoor om oor 'n heining te spring. „Jou mislike gepuis, wat probeer jy doen? Wil jy die woede van Apollo op ons

almal haal? Besef jy in wie se geselskap jy is?"

Met dié woorde slaan hy sy arms om die dier se nek, maar die konsul tree verskrik agteruit. Caligula staan 'n oomblik verbysterd. Dan val hy bewend op sy knieë neer.

„Personifikasie van Apollo,” sê hy hees. „Vergewe my ywer. Sê wat ek moet doen. Gee ons 'n teken.”

Vir die soveelste keer het ek gewonder of Caligula nie krank-sinnig is nie. Maar hy kón nie wees nie. Ek kon daardie eenvoudige verklaring nie aanvaar nie. Want rondom my het almal gekniel, en hulle gesigte was naby die grond asof hulle na voetspore soek om te volg.

'n Oomblik het alles voor my oë geswem soos koue visse in die see. Toe het ek die swart grond onder my knieë gevoel.

### (VIII)

Die somer het nuwe oorwinnings op die slagveld gebring. Vyande is verpletter en diplomatieke vriendskappe is gesluit. Die herfsgety het Rome in feesstemming aangetref met weeklange vertonings in die arena. Dit was 'n fees vir die volk, en die generaals is met baniere en gejuig verwelkom. Niemand kon aan hulle opregtheid twyfel nie, en as hulle miskien oordrewe was in hulle lofliedere, wie kan sê dat dit nie ontvlugting was nie? Want oor alles het 'n skaduwee gehang, 'n skaduwee tegelyk afskrikwekkend en beloftevol. Dit was die skaduwee van die konsul.

Daar was min mense, indien enige, wat verbasing getoon het oor die bonatuurlike mag wat aan die konsul toegeskryf is. Niemand het dus gefrons, of gewaag om te frons, toe die beeld van die middel van die arena verskuif is na die hoofpoort nie. Sels toe die generaals, vooraf deur Caligula gewaarsku dat weiering om hulde aan die konsul te bring, die doodvonnis inhou, voor die beeld neerval, was daar geen uitroepe van afkeuring nie, slegs krete van bewondering vir die magtige skouspel wat die terugkerende soldate bied. Want wat ook al hulle daaglikse kruis, die volk was opreg trots op die manne wat glorie vir hulle stad ingeoes het.

Een belangrike afwesige by die verrigtinge was die konsul self. Caligula het die vorige nag 'n droom oor die konsul gehad. Wat die droom was, het niemand geweet nie, maar die volgende oggend het hy 'n roerende toespraak in die Senaat gelewer. Die konsul sou voortaan net op sekere dae in die openbaar verskyn. Dit behaag Apollo om van tyd tot tyd openbarings aangaande die toekoms van die Romeinse volk aan die konsul te doen, en daarom moet hy sy dae in bepeinsing deurbring. Die beeld sou

egter dag en nag by die poort wees om die konsul se alomteenwoordigheid te simboliseer.

Soos in selfs die mees tragiese oomblikke was daar meer as een wat munt uit die situasie geslaan het, onder die dekmantel van patriotisme. Duisende silwer beeldjies van die konsul is oornag vervaardig en teen buitensporige pryse verkoop, veral toe die gerug die ronde begin doen dat die beeldjie 'n gelukbringer is. Aanvanklik het Caligula dit sterk afgekeur, maar daarby het dit ook gebly. Vir die intelligente waarnemer was dit duidelik dat hy iets in die mou het. Die keiser het nooit iets afgekeur sonder om die oortreder te verban of die doodvonnis op te lê nie. Toe Caligula dus, toe die swartmark op sy hewigste is, 'n wet in die Senaat voorstel (Caligula het alles voorgestel, wetende dat niemand hom sou teenstaan nie), wat vyf-en-sewentig persent van die winste vir die Staat verseker, is dit sonder bespreking aangeneem. Die beeldgieters het eerlik gevoel hulle is onderdeur geloop, maar het net hulle skouers filosofies opgetrek en voortgegaan om beeldjies te giet.

Skrander manne het egter opgelet dat die beeldjies van swaker gehalte en minder sekuur afgewerk was. Miskien was dit 'n onbewuste daad van verset, of miskien het die kleiner profyt hulle genoodsaak om drastiese ekonomiese maatreëls te tref.

Net een man in Rome het totaal afsydig gestaan teenoor hierdie vreemde handel. Hy het in armoede aan die kant van die stad gewoon en stil voortgegaan met sy werk, asof sy gees onversteurbaar is. Dit was die beeldhouer, die skepper van die beeld.

### (ix)

Een môre terwyl ek my daaglikse eensydige gesprek met die Konsul voer, ontbied Caligula my.

„Wel, my liewe klein Griek,” sê hy ironies, en bekyk my van kop tot tone asof hy my vir die eerste keer sien. „Watter beloning verwag jy vir jou waardevolle dienste, hm?”

Dit was nie die eerste keer dat hy na my nasionaliteit verwys het nie, maar nooit was daar soveel veragting in sy stem nie. Ek het koud geword en die ergste verwag.

„Caesar,” begin ek nederig, maar hy val my met 'n aaklige skaterlag in die rede.

„Ek het ondersoek ingestel na jou gedrag,” sê hy, en sy lippe plooi. „Jy is nie meer waardig om die Konsul se raadgever te wees nie.”

Ek kon nie antwoord nie. Ek het dit altyd verwag, maar nou dat die oomblik aangebreek het, is dit of die woorde verys op my tong.

„Weet jy wat die konsul van jou dink, klein Griek? Weet jy, hm? Ek sal jou sê, Hy dink jy is 'n vuil, onintelligente, droë, sieklike ou sot. Hy dink dis tyd dat ek van jou ontslae raak. Wat sal ek met jou doen, Antonius? Hm? Wat stel jy voor?”

„Vir my is daar geen groter straf as om uit Rome verban te word nie, heilige Caesar,” sê ek met droë keel. „Verban my na Athene.”

Die siniese glimlag op sy gesig verstar en sy skouers ruk.

„Ek sál jou verban, klein Griek,” skreeu hy, buite homself van woede. „Maar dit sal nie na Athene wees nie. Ek sal jou leer om my vir die gek te hou. Weg voor my oë, jou sot, voordat ek my geduld verloor en jou kop vir die kinders gee om mee voetbal te speel!”

Ek het na my kamer gegaan en my kosbaarste besittings in 'n bondel gemaak. Toe het ek vir die onafwendbare noodlot gewag. Dit was stil, en vir die eerste keer kon ek die Konsul se sagte gerunnik nie hoor nie. Alles was verweg soos 'n droom wat een oomblik die vorm van die werklikheid aanneem en dan wegduik in herinnering en eindelik vergetelheid word. Was dit alles 'n droom? Die Konsul, die kranksinnige eerbewyse, die gelate aanvaarding daarvan deur die volk? En my verbanning? Is dit maar net 'n fase in die lang geskiedenis van onwerklikhede? Sal ek netnou tot myself kom en lag vir my oumansverbeelding wat in my eensaamheid groter geword het as dié van my kind? Maar daar was geen hoop waarin my gees kon nestel nie. Net die oomblik was werklik, met 'n somber, helder realiteit wat die verlede en toekoms saambind en my die middelpunt maak. Vir 'n oomblik was die weemoed te veel. Ek het my gesig in my hande verberg en soos 'n kind gehuil. Daar was nie 'n rede vir die trane nie; daar was net 'n vreemde angs, nie om myself nie, maar om Rome, die stad wat ek geleer het om te respekteer in al sy grootsheid en kleinlikheid.

Dit was middag toe die wag verskyn en die boodskap bring. Die Konsul gebied dat ek vir die laaste keer 'n toewydingsdiens in die arena bywoon, om my te sterk vir die jare van ballingskap.

Die ironie was duidelik. Dit was my beloning.

(x)

Wat my onmiddellik opgeval het toe ek in die arena opdaag, was dat daar verskeie regeerders en verteenwoordigers van ander lande teenwoordig is. Die veelkleurigheid van hulle klere-drag het mens se aandag teen wil en dank getrek, en die opgewondenheid onder die volk verhoog. Dis nie aldag dat Rome

vreemdelinge verwelkom nie, behalwe as onderdane of oorlogsgevangenes in boei! Die vreemdheid van die situasie was dus uniek.

Miskien was daar onder die skare 'n eensame wat gehoop het dat dit die begin aankondig van 'n era waarin Rome die rol van bemiddelaar sal speel, gehoop het nie met die vaagheid en aanvaarding van die volk nie, maar dwingend en afwagkend soos 'n swanger vrou. En miskien het sy gees, soos myne, gegryp na elke teken daarvan, asof dit die Lewe self is. Maar daar was niks – net die stroperige verwelkomings, die hoogdrawende inhoudlose toesprake, en Caligula se onversadigbare hoogmoed wat alles verkleineer.

Die wag het my met 'n grynsag in my sitplek gestamp en toe met 'n strak gesig agter my stelling ingeneem. Vanwaar ek gesit het, kon ek Caligula en sy gaste sien. Caligula was duidelik in sy element. Sy skerp, aanstootlike stem is met tussenposes tot in die verste uithoeke van die arena gehoor, soms om die swaardvegters aan te spoor, maar meermale om sy gaste in die rede te val.

„Wel, vriende,” (hy het ironiese klem op die vriende gelê) „wat dink julle van 'n Romeinse soldaat, hm?” hoor ek hom eenmaal sê. „Is hy nie onoortreflik nie? Jy, Frontius, wat sê jy?”

„Inderdaad, Caesar,” antwoord die aangesprokene diplomatie, „ek ag myself gelukkig om die skouspel by te woon.”

Caligula se oë vernou asof hy die spreker se opregtheid betwyfel.

„Die vraag is of iemand soos jy grootheid kan herken as jy dit sien,” sê hy hooghartig. „Ons sal sien, my goeie vriend, ons sal sien.”

„Voorwaar, Caesar,” stem Frontius goedig saam. „My smaak is nie van die beste nie, maar ek doen my bes.”

Caligula se aandag word vir 'n oomblik in beslag geneem deur 'n swaardvegter wat sy swaard bo sy gevalle teenstander se keel hou en wag vir die keiserlike woord. Die volk hou Caligula gespanne dop, en hy erken hulle onderdanigheid met 'n siniese glimlag.

„Waarvoor wag jy, jou lafaard,” skreeu hy plotseling, en die volk juig. Die swaardvegter reageer onmiddellik. Die swaard sny die man se keel met 'n aaklige wurggeluid.

Caligula spring op. „Dit was die voorspel,” skreeu hy, en wag 'n oomblik asof hy verwag dat iemand hom sal teëspreek. „Nou . . . nou volg die toewyding!”

'n Magtige gejuig breek los. 'n Vrou naby my soen 'n silwerbeeldjie van die Konsul, dan val sy in 'n beswyming teen die skouers van haar man aan, tot verrukking van die omstanders

wat dit vir 'n teken van Apollo aansien.

„Heil aan Apollo,” sê 'n ou man in 'n bewende stem. „Heil aan die Konsul . . . heil aan Caesar!” 'n Koor neem die woorde op en dit groei langsamerhand tot 'n toonlose ruising soos die vlerkslae van duisende arende.

Caligula waai wild met sy hande. „Heil . . . heil . . . heil,” skreeu hy aanhoudend, asof in 'n beswyming. Die gaste sit roerloos, verslae deur die vreemde skouspel. Frontius draai na Caligula.

„Is dit die skouspel wat u beloof het, Caesar?” vra hy styf.

Caligula swaai na hom. „Nee, jou sot,” sis hy. „Wag en kyk.”

Die gaste snak na hulle asem en dit gee Caligula klaarblyklik die grootste genot. Hy lag waansinnig.

„Is jy bang om die waarheid te hoor, hm, Frontius? Jy is verrot, hoor jy wat ek sê, hm? Jy is verrot. Julle almal is. Wat soek julle in Rome? Wat het julle verwag, hm? Het julle gedink ons is net kleinlik, so ambisieus soos julle?”

Dis 'n growwe belediging en onder ander omstandighede sou hulle soos een man protes aanteken. Maar niemand doen dit nie. Frontius sit vasgenaël in sy sitplek, sy gesig vaalwit soos vertrapte sneeu.

„Kyk . . . die Konsul!” skreeu Caligula in ekstase. 'n Diep stilte sak oor die volk. Almal se oë volg die keiser se blik na die ingang van die arena.

„Heil,” skreeu iemand, maar niemand volg hierdie keer sy voorbeeld nie. Die massiewe kop van die Konsul het by die ingang verskyn. Vir 'n oomblik huiwer die dier, dan beweeg hy stadig, byna versigtig na die middel van die arena. 'n Asemlose stilte heers. Halfpad staan hy stil, spits sy ore en kap met sy hoeve in die los grond. 'n Diep sug soos uit een bors ontsnap die volk. Caligula bewe soos 'n riet in die wind. Hy uiter kort, roggelende geluide soos iemand in doodsangs.

„Apollo, fluister hy onophoudelik. „Apollo . . . toon ons ons grootheid. Laat ons vyande dit sien en sidder.” Hy swaai skielik na die gaste. „Laat hulle sien, Apollo, hierdie armsalige dwase wat hulleself wil verhef bo ons.” Sy oë kry 'n onnatuurlike glans. Hy leun vooroor. „Die Konsul verlang nie julle teenwoordigheid nie,” sê hy veragterend. „Julle is nie waardig om die toewydingsseremonie by te woon nie.”

Die gaste staan onmiddellik op en verlaat die verhoog waardig en in doodse stilte. Almal is oorweldig deur die onverwagte wending wat sake geneem het. Net Frontius waag dit om by die ingang om te draai en iets te sê, voordat hy saam met die ander na buite gestamp word. Maar niemand hoor hom nie. Caligula is reeds in die arena en strompel soos 'n beskonkene

na die middel. Die Konsul skuifel senuagtig weg. Op dieselfde oomblik verskyn 'n aantal dansers in veelkleurige gewaad, en begin liggies dans.

„Die onwaardiges is uit ons midde verwyder,” skreeu Caligula in 'n helder stem, en val met 'n kreet voor die Konsul neer. Die perd runnik en snork. Hy trippel sywaarts, sy kop fier omhoog. Die dansers vorm 'n kring rondom hom en dans al wilder. Die konsul se liggaam beef. Dan swaai hy sy stert en trippel soos 'n gehipnotiseerde. Caligula word byna kranksinnig van opgewondenheid.

„Die teken,” stotter hy. „Die heilige teken!”

'n Somber sug styg uit die volk op. Dit groei langsaam tot 'n weeklaag.

„Heil!” roep een. 'n Ander herhaal dit; 'n hysteriese vrouestem klink bo die stemme uit.

Net so skielik as wat die Konsul begin trippel het, so skielik hou hy op. Soos een man gaan die dansers stilstaan. Dan, asof op 'n onsigbare wenk, lig die perd sy voorbene hoog op en staan roerloos op sy agterbene. Vir 'n paar oomblikke troon sy massiewe liggaam bo die omstanders soos 'n triomfboog, dan sak hy neer, sy neusgate wyd gesper, sy oë vlammend en uitdagend.

„Apollo!” hyg Caligula en slaan op sy bors.

Sy woorde is kaars koud toe die Konsul vorentoe beweeg en een van die dansers onderstebo stamp. Die klap van die perd se hoof teen die skedel is soos 'n sweepslag.

„Apollo, wees ons genadig,” roep 'n jong soldaat en val bewend op sy knieë neer.

„Kniel . . . almal!” roep Caligula in 'n skril stem en wys na die lyk van die danser wat in 'n plas bloed lê. „Hy . . . hy is gedood omdat hy onwaardig was om die volk te dien. Hy moes verwyder word omdat hy 'n verraaier was. Hy kon nie deel hê aan ons groot toekoms nie. Dit is Apollo se wraak.”

Verskeie mense snak na hulle asems. Baie van hulle het die danser geken. Dat hy 'n onwaardige Romein kon wees, is ongehooflik. Maar niemand verdedig die dooie man nie, uit vrees vir die ontsettende gevolge wat die geringste teken van ontrouheid het. Sommige van hulle onthou skielik dat die danser lyf weggesteek het en nie met soveel vuur gedans het as wat betaamlik is nie, maar selfs hulle stemme word verswelg in die aanhoudende gekreun van die omstanders.

Caligula se kop waggel heen en weer.

„Kniel,” herhaal hy skor. „Kniel . . .”

Die volk kniel. Jongmanne val soos kreupeles grond toe en trek ou manne en vroue wat huiwer, saam met hulle neer. Jong kinders huil histories, en jong moeders met suigeling buig laag



om die klein liggaampies te beskerm.

„Heil,” skreeu Caligula, en lig sy hande na die wolke.

„Heil,” kreun die volk.

„O Apollo,” sug Caligula.

„O Apollo,” herhaal die volk meganies.

„Heil aan die Romeinse volk,” stotter Caligula.

„Heil . . . heil . . . heil . . .”

Almal se gesigte was naby die grond, daarom het niemand gesien hoedat die Konsul die arena vuilmaak en doodluiters uitstap nie.

BAREND J. TOERIEN:  
THEODORE ROETHKE,  
MET OPMERKINGE OOR  
NUWERE AMERIKAANSE POËSIE

In die vorige uitgawe van T.V.L. het ek by enkele vertalings van Richard Wilbur se verse so bolangs gepraat van "die Amerikaanse poësie". Met die aanbieding van verse van Roethke wil ek dus weer bietjie gesels.

Ek wil herhaal wat ek voorheen gesê het: die Amerikaanse poësie is ryk en te veel vir een mens om te ken. Ek, wat taamlik baie verse lees, het byvoorbeeld belangrike skrywers soos William Carlos Williams, Wallace Stevens, Marianne Moore of E. E. Cummings nog grootliks laat links lê, en hulle, saam met Pound, is juis die digters wat vandag die sterkste spreek tot die "heel nuutste" Amerikaanse digtersgroep. En die ander dag tel ek 'n vir my onbekende boek op in 'n winkel, 'n bundel verse deur ene Anne Sexton, en word subiet so oorweldig dat ek voel ek het genoeg klei getrap oor die onderwerp. Dis te groot vir my, daar is te veel groot skrywers. En laat ons vir hulle dankbaar wees.

Watter klomp rowwejonnies is die digters in 'n boek soos *The new American poetry, 1945-1960* dan tog nie! In die vorige artikel het ek so ewe lughartig gepraat van die "Californië-beatnik groep", en het Ginsburg geprys, nou ja, so effe altans (ten spyte van sy onaantreklike persoonlikheid en verveligheid). Min het ek geweet dat die "beweging" duidelik geformuleer is, nogal in vyf ondergroepe (die "beats" is maar een daarvan). Hierdie boek, geredigeer deur D. M. Allen bevat indrukwekkende en pragtige werk – naas die onvermydelike ringsitters – van bv. Charles Olsen en Robert Creeley. Hul argumente oortuig my nie, maar van hul werk wel. Dis dikwels soos vars lug. Hoe dikwels vloek mens nie teen die korset van rym en die kwatryn nie! En daardie te-tam, te-tam, te-tam, te-tam, wat tog so indringerig is, meer slu as die paradyslike slang. Almal wat genoeg daarvan gehad het, van ons skrywers wat ons eie emosies uitpluis en 'n berg van maak, lees gerus hierdie boek. Hoe lank die genot sal duur is weer 'n ander saak, maar so 'n purgasie is wel nodig nou en dan. En is pret, op sy ergste. Hierdie digters is rebelle teen die akademiese

digters en blaaië; blaaië wat ons baie respektabel sal vind, soos *Kenyon Review*, *Sewanee Review* en die res, wat geskryf word deur dosente om geles te word deur dosente, groten-deels as deel van die "gejockey" om posisies in die akademiese "sweepstakes" (klink dit bekend?). Hierdie blaaië publiseer tog skeppende werk soms, veral goeie verse – maar te "toe" vir die rebelle. Hierdie "nuwe" digters noem hulself "projeksionierend", soos hul bogenoemde modelle. (Snaaks tog hoe modes verander. T. S. Eliot is nou 'n bewys van slegte smaak, glo. Maar 'n reaksie was tog onvermydelik, en Eliot se rigting moet doodloop). Hoe sterk die invloed is van hierdie groep weet ek nie; baie van die digters wat hul aanval deur implikasie, soos Robert Lowell en Roethke skryf dikwels in die "nuwe" trant, maar net baie beter.

Nou, iets oor Theodore Roethke. Hy's in Michigan gebore en is verbonde aan die Universiteit van die Staat Washington te Seattle. Dus, 'n noordelike. Hy's ouer as wat mens volgens sy verse sal dink: 55.

Sy eerste bundel het alreeds in 1914 verskyn en is taamlik gewoon. Toe, met *The lost son* (1949) en veral met *Praise to the end* (1951) het hy 'n merkwaardige sprong na vore gemaak. Die gewone digterlike "masjienerie" gooi hy oorboord op soek na 'n spontane opbruisende uiting, veral dié van 'n kind. Die verse is dan ook dikwels 'n gestamel, 'n gebrabbel, en dan skielik weer 'n uitbarsting soos 'n fontein. Is dit "surrealisme"? Afskuwelike woord, en 'n te geleerde vir hierdie natuurlike verse. Die kieselsteentjies lê wel gesprei, sodat mens die pad kan vind na die jeugland, ons almal s'n.

Hy skryf ook soms verse vir kinders, terloops.

Met sy volgende bundels, *The waking* (1953) en *Words for the wind* (1958) het Roethke sy rypheid getoon, sy „wêreld-formaat". Sy verse het hegte van bou geword, merkwaardig klankryk en amper soos 'n inkantasie. Luister na hierdie reëls:

"I wake to sleep and take my waking slow,"

of hierdie:

"The weather wept, and all the trees bent down;

Bent down their birds: the light waves took the waves;"

Analiseer nou daardie reëls, krap hul uitmekaar, skraap dan die skerwe weer saam en jy het absoluut niks, here sistematiese analitici, as jy nie oorspronklik die gawe of eienskap gehad het dat jy daarvan hoendervleis gekry het nie. (In Afrikaans het ons twee digters, lyk dit my wat die gawe het om gewone woorde betowerd te laat klink soos 'n inkantasie: Ingrid Jonker, en wat sy met daardie talent gaan doen weet ek nie en is nie hier ter sprake nie. Daardie gawe in sigself is nog

geensins bewys van volhoudende digterskap *per se* nie, soos bewys deur die ander digter: Watermeyer).

Yeats se invloed – wat voorheen merkbaar was – het Roethke verteer en verwerk sodat sy vers 'n swier en gang, en ja, 'n sang het soos min ander s'n vandag. Sang, ja, want is poësie nie sang nie? En dans? Ja, altyd.

Roethke skryf nou die pragtigste liefdesverse van hierdie eeu seker; ongelukkig, of liewers gelukkig want ek sou dit so verdraai het! wou die liefdesverse hul nie "ontleen" aan vertaling nie.

Hy is 'n "natuurlike digter", wat spontaan sing. Moenie hier "filosofie" soek nie, studente van die geskrewe woord. (Ook in geen gedigte nie. Lees die filosofe self). Hierdie is dikwels ekstatische verse, onskuldig met die onskuld van 'n kind s'n. Hierdie warmte, entoesiasme, asemloosheid asof groot dinge net om die draai is om ontdek te word is 'n kwaliteit wat nie te dikwels in Afrikaanse poësie voorkom nie, behalwe by Uys Krige en Adam Small. Dis verse van 'n gelukkige man, van 'n man wat wonder oor die wondere, van 'n man met 'n groot gees; 'n gul, goed-aangepaste man.

'n Voorbeeld ter staving van die laaste sin: toe ek hom per brief om verlof vra om van sy verse te vertaal, antwoord hy lank en gul en stuur my sowat 10 van sy nuwe ongepubliseerde werk om ook van uit te kies, "om mee te maak wat ek wil". (Miskien was my ondervindinge uitsonderlik, maar Afrikaanse digters aan wie mens as onbekende skryf spreek immer geen sprook).

Hierdie nuutste werk is weer baie los van vorm; die versreëls hardloop hiernatoe en daarnatoe en is dunnerig soms, maar hy hou altyd die leisels in die hand. Hy is besig om nuwe paaie te verken. Hierdie soort vers is onmoontlik om te vertaal. Te veel hang af van klank-nuanses. Tog het ek dit probeer ("Die jong meisie"). Daar is naklank van Yeats se latere werk hier, die Yeats van "Words for music perhaps". Luister na die subtiele klank van die slotreëls, spraaktoon wat alleen moontlik is na jarelange vakmanskap in die te-tam skool:

„A bird my body  
my bird-blood ready.”

### STEGGIES

Hierdie lus, geworstel, herrysenis van droë stokke  
Gesnyde stele wat sukkel om staanplek te kry  
Watter heilige het soveel gestrewe,  
op sulke af ledemate herrys tot 'n nuwe lewe?

Ek kan hoor, ondergronds, daardie gesuig en gesnik.  
In my are, in my beendere voel ek dit  
Die klein watertjies wat na bo syg,  
Die hegte grein wat eindelijk oopbars.  
As botsels oopbreek  
Glad soos vis,  
Bewe ek, leun oor na oer-begin, kokon-nat.

(Uit: *The lost son*)

### MY PAPPIE SE WALS

Jou asem se whiskey reuk  
Kon 'n jong kind duiselig maak.  
Ek klou vas soos 'n neet:  
Mens kan maklik onklaar raak.

Ons het bokspringerig  
Die panne laat vloer toe val.  
My moeder se gesig  
Was plooië sonder tal.

Die hand waarin myne was  
Se kneukels was hard van eelte;  
Met elke gemiste pas  
Skraap my oor teen jou belt-gespe.

Jy't met jou groot vuil hand  
Op my harspan tydgehou,  
My toe by my bed laat land  
Nog styf aan jou hemp vasgeklou.

(Uit: *The lost son*)

## DIE STUURS EEN

(I)

Toe ware liefde my hart oopslag  
Haal ek whiskey van die rakke af,  
En sê aan my bure wanneer hul mag lag.  
Ek het 'n hond, en ek self blaf.

(II)

Spoke roep na spoke  
Maar wie is vir hul bang?  
Ek vrees die skaduwees  
Wat aan my voete hang.

(Uit: *Words for the wind*)

## DIE DANS

Is in die mens se brein die dans vertraag  
Wat hom laat dink het dat die heelal gons?  
Die groot wiel draai sy as wanneer dit mag;  
Ek het 'n singplek nodig en 'n plek vir dans.  
En ek het aan my ore beloop dat met  
Die bere ek sal sing en fluit vir pret.

Want hulle is my vriende: ek het gesien  
Hoe een 'n heuwel afgly op 'n blok van ys, –  
Of was dit in 'n boek? Met trots erken  
Ek: mak bere doen iets selde tweekeer juis  
Op dieselfde manier. Kyk, hoe onverpoos  
Dans hy, onthou om bly te wees altoos.

Ek wou my skaduwee smyt teen die maan  
Terwyl my bloed spring met 'n woordelose lied.  
Al verg dans 'n leermeester had ek geen  
Om my tone af te rig in wat my tong gebied.  
Maar wat ek daar geleer het, aan die dans alleen  
Was nie die vreugdelose beweging van 'n steen.

Dié wysie neem ek van 'n man genaamd Yeats;  
Ek neem dit en ek gee dit weer terug.  
Want ander wysies, 'n ander polsslag peits  
My hart, en hardloop met my weg.  
Ja, ek had dansdolheid, hoe ek daaraan  
Gekom het sal wel die bere en Yeats verstaan.

(Uit: *The waking*)

DIE JONG MEISIE

Wat kan die gees glo?  
Die hele lyf word omvat;  
Ek, by liefde aangeland  
Bestudeer deeglik dit.

Ons is een maar ook is ons meer,  
Sê hulle vir my wat weet, –  
Soms gedwee om twee te wees.  
Vandag het ek gespring op die strand,  
My oë nóg hier en nóg daar,  
My dun arms heen en weer,  
'n Voël my liggaam,  
My voël-bloed gereed

(Ongepubliseer)

(Uit: *Die Verlore Seun*)

I DIE VLUG

By Woodlawn het ek die dodes hoor huil:  
Ek was gesus deur die klank van yster,  
'n Stadige drup oor klippe,  
Paddas nors in 'n put.  
Die blare het almal tong uitgesteek;  
Ek het die verkrummelende kalk van my beendere geskud,  
En gesê,  
Slak, slak, glinster my na vore,  
Voël, sag-sug my na huis.  
Wurm, wees my naby.  
My uur van beproewing is hier.

Gehengel in 'n ou wond,  
Die sagte water van rus;  
Niks het gebyt nie,  
Nie eens die klein klein vissies nie.

Gesit in 'n leë huis  
En kyk hoe die skadus kruip,  
En myself gekrap.  
Daar was een vlieg.

Stem, kom uit die stilte.  
Sê iets.  
Verskyn in 'n spinnekopgedaante  
Of 'n mot wat die gordyn moker.

Sê my:  
Watter pad moet ek neem;  
Deur watter deur moet ek gaan,  
Waarheen en na wie?

Donker skaduwees het gesê, bly uit die wind,  
Die maan het gesê, die rug van 'n paling,  
Die sout het gesê, kyk langs die strand,  
Jou trane is nie genoeg lof nie  
Hier sal jy geen rus kry nie  
In die ryk van lawaai en babbel.

Lig hardlopend oor sponserige grond,  
Verby die weiland met plat klippe,  
Die drie olme,  
Die skape gestrooi oor die veld,  
Oor 'n wankelrige brug  
Na die kwikwater, gerimpel en kabbelend.

Aan die jag langs die rivier,  
Plat in die pappery, die kewer-vol blare,  
By die modderige kuilkant, by die moerasse,  
By die gekrimpte watervlak, jagtend, in die somerhitte.

Die gedaante van 'n rot?  
Dis groter as dit.  
Dis minder as 'n been  
En meer as 'n neus.  
Vlak onder die water  
Is waar dit verkies.

Is dit sag soos 'n muis?  
Kan dit sy neus rimpel?  
Kan dit kom oor die drumpel  
Op sy tone in by die huis?

Neem die vel van 'n kat  
En paling-rug uit 'n poel  
Rol hul saam dan in vet, –  
Dis hoe dit sal voel.

Dis blink soos 'n otter  
Met web-tone, glad soos ghries  
Vlak onder die water  
Is waar dit verkies



## II DIE KUIL

Waar gaan die wortels heen?  
Kyk onder die blare.  
Wie het die mos daar gesit?  
Hierdie klippe is al te lank hier.  
Wie het die stof geskrik tot geraas?  
Vra vir die mol, hy weet.  
Ek voel die slym van 'n nat nes.  
Pasop vir Moeder Skimmel.  
Knaag weer, vis-senuwees.

### 3 Die gebabbel

By die bos se mond  
By die grot se deur  
Luister ek na iets  
Ek het dit voorheen gehoor.

Honde van die lende  
Het geblaf en getjank.  
Die son was teen my  
Die maan het my ook verloën.

Die onkruide het getjank  
Die slange het geroep,  
Die koeie en dorings  
Het gesê: Gaan dood.  
(uit: *Praise to the end*)

(Uit: 'n Ou vrou se meditasies)

## 5. WAT SAL EK MY BEENDERE VERTEL

(1)

Beginner,  
Ewige beginner,  
Die siel weet nie wat om te glo nie,  
In sy klein voue, stadig om te roer,  
In die nietigste plek van sy lewe,  
'n Pols verby die niet,  
'n Afskuwelike onkunde.

Voordat die maan terugtrek,  
Durf ek gloei soos 'n boom?

In 'n altyd laat-middag wêreld,  
In die warrelende reuke van 'n stadige wind,  
Luister ek na die gras se aandgebede,  
En verlang na sekerhede wat nooit gebeur nie.  
En gedaantes maak my bevrees:  
Die dans van dinge in die brein,  
Die glans van die nou, die werklikheid van strooi,  
Die skadus wat afkruip langs 'n muur vol in die son.

'n Voël sing hard in allenigheid  
'n Dun skerp lied. Die dag sterf soos 'n kind sterf.  
Hoe naby is ons tog aan die treurige diere!  
Ek het 'n poel nodig, die kalmte van 'n waterplas.

O my gebeente,  
Pas op vir daardie aanhoudende aanvange  
Wat die siel se kern verdun;  
Die swaan se vrees vir die verdonkerde oewer,  
Of hierdie insekte wat pols naby my vel,  
Die sang van 'n wentel-boom.

Wind-woede, en tog geen wind,  
'n Rukwind wat die blare skielik opwaai,  
'n Slingerplant wat slaan in droeë woede  
'n Man wat 'n kat jaag,  
Met 'n stukkende sambreel,  
En saggies roep.

## (II)

Dis moeilik om te sê dat alles goed gaan  
As die ergste nou eers aan die kom is;  
Dis noodlottig om jouself te sus,  
Hoe grasieus dit ook al mag wees.

Geliefde hart, wat sal ek sê?  
Toe ek 'n lewerkie was het ek gesing;  
Toe ek 'n wurm was het ek geknaag.

Die self sê, Ek is;  
Die hart sê, Ek is minder;  
Die gees sê, Jy is niks.

Mis verander die rotse. Wat sal ek my beendere vertel?  
My begeerte is wind in 'n spelonk vasgevang.  
Die gees openbaar homself aan hierdie rotse.  
Ek is 'n klein klippie, los in die rotsstorting.  
Liefde is my wond.

Die wye riviere gaan hul gang,  
Die poel val terug tot 'n stilte van glas.  
God se doel in my – is dit weg?  
Lewe my beendere? Kan ek leef met my gebeente?  
Moeder, moeder van ons, sê my waar ek is!  
O, om verlos te wees van die redelike, om 'n pure lied te word,  
My gesig aan die gloei, naby die punte van sterre,  
'n Geleerde, rats meisie  
Nie moesaam betower  
Maar op 'n mooi manier gek.

(III)

Die gras draai wind-waarts gras-skelette.  
Hoe stadig neem dinge om te verander.

Die son! Die son! En alles wat ons kan word!  
En dis net die regte tyd vir maan toe hardloop!  
In die ruie kampe, uit gesig van my vader  
Skud ek die geheime uit van my beendere;  
My gees rys met die opkomende wind;  
Ek is vol van blare en teer soos 'n duif,  
Ek kry my teerheid terug deur lank te kyk.  
Om middernag het ek alles wat lewe lief.  
Wie het die donkerte weggeneem uit die lug?  
Ek is nat met 'n ander lewe.  
Waarlik, ek was weg en het weggebly.

Wat vaag was is nou helder  
Asof vrygelaat deur 'n gees  
Of iets buite my.  
Ongebied voor, en  
Finaal.

(Uit: *Words for the wind*)

## ANDRE DEMEDTS: ABEL COETZEE ALS SCHRIJVER VAN VERHALEN

Ieder literair werk is een getuigenis: men schrijft zoals men is. Zelfs degene die ernaar streeft de dingen op zichzelf te laten spreken, verraadt daardoor de gerichtheid van zijn persoonlijkheid. Een letterkundig werk ontleden om zijn schoonheidswaarde en menselijke betekenis te duiden, voert onvermijdelijk naar de kunstenaar, die het opgevat en onder woorden gebracht, in zijn bewustzijn laten groeien en onder het neerschrijven kritisch beoordeeld en een definitieve vorm geschonken heeft. Toen Walt Whitman in "Leaves of Grass" verklaarde "dit is geen boek, wie het aanraakt, raakt een mens aan!", sprak hij een betekenis uit, welke door iedere dichter, die in volstrekte eerlijkheid zichzelf doorschouwt, zou mogen herhaald worden.

Die waarheid geldt in het bijzonder voor Abel Coetzee, als men zich vrij van oordelen en vooroordelen op zijn werk bezint. Wat is een mens? Een samenstelling van verschillende elementen, aangebracht door erfelijkheid en omgeving, opvoeding en tijd, gevoegd bij de geestelijke eigenschappen, die in het wezen van zijn persoonlijkheid zelf wortelen en ze haar onvervangbare oorspronkelijkheid verlenen. Wie leren lezen heeft, hecht zich minder aan de zakelijke inhoud van de literatuur dan aan de stempel van haar schepper dat zij draagt, aan het watermerk van zijn menszijn, dat in en achter de woorden tot uitdrukking komt. Dat enige en onuitwisbare teken, dat alsnog niet bestond en nadien nooit meer herhaald zal worden, is beslissend voor haar waarde.

Coetzee heeft tamelijk veel verhalen gepubliceerd. Enige ervan werden opgenomen in zijn bundel "Skimme van die Goudstad" (1936); de meeste liggen in een periode, die meer dan een kwarteeuw bestrijkt, over verschillende bladen en tijdschriften verspreid. Sommige overschrijden niet de lengte van een korte schets, andere zijn langer uitgewerkt en zullen wij om hun veelzijdige inhoud en meer gekompliceerde voorstelling novellen heten. Wat alle gemeen hebben is, in onvervalste waarachtigheid, de polsslagen van het leven.

De neoplatonist Prof. Dr. G. Colle heeft in "Les Eternels", een essay dat aan de eigenschappen van de schoonheid gewijd is, een reeks bronnen van esthetische ontroering besproken. Zij

vervullen een dubbele funktie. De kunstenaar wordt er tot scheppende arbeid toe aangezet en de kunstgenieter in de mogelijkheid gesteld op zijn beurt de aandoening van de kunstenaar te ondergaan. De belangrijkste onder die ideën, bezielend tot scheppen bij de ene en tot nabeleven bij de andere, is de herinnering aan ieders kinderjaren. Iets wat men aan een mens met volwassen verstand niet kan ontnemen, zijn zijn herinneringen. Onder die herinneringen nu zijn geen andere zo dierbaar als degene die hem naar zijn prille jeugd terugvoeren. In die tijd heeft hij met zijn eerste tegelijk zijn diepste indrukken opgedaan. Zelfs als hij het nog zou willen, zou hij er zich niet van kunnen ontmaken. Doch hij wil het niet, omdat hij beseft dat zij, hoe weemoedig zij hem misschien mogen stemmen, tot zijn kostbaarste bezit behoren: zij hielpen hem vormen tot wat hij is en doet, terwijl zij meteen het meest verspreide en zuiverste onder alle media zijn, die hem met andere mensen kunnen doen samendenken en -voelen.

In de verhalen van Coetzee speelt de herinnering aan zijn eerste levensjaren een zeer belangrijke rol. Hij werd op 27 mei 1906 te Grootfontein in het distrikt Lichtenburg, dicht bij de grens van Betsjoeanaland geboren. Men heeft ooit wel gemeend en waarschijnlijk niet ten onrechte, dat er tussen de bewoners van een vlakte en mensen die in een bergstreek opgegroeid zijn een verschil van inborst bestaat. De laatsten zijn gewoon aan een gezichtseinder die op korte afstand afgeschermd wordt. De eerste zien geen grens aan de horizonen die zich voor hun ogen ontplooiën en slechts daar doezelig worden waar hun blik de kracht ontbeert om tussen aarde en hemel tot een verdere verte door te dringen.

Vlaktemensen lijden dikwijls aan heimwee, dat onbestemde verlangen naar een geluk dat aan een thuis verbonden schijnt en hen overal vergezelt, niet alleen als ze hun geboorteland verlaten hebben, maar zelfs op de plaats waar ze gewonnen werden en tot volwassenen opgegroeid zijn. Dan wordt hun heimwee herinneringszeer. Het verschijnsel is kenschetsend voor alle volkeren, die tussen de Oeral en de Atlantische Oceaan de Europese vlakte bewonen. Ook in het werk van Coetzee, zowel in zijn verhalen als in zijn poëzie, treft het ons met dezelfde beklemmende authenticiteit, die het op duizenden mijlen afstand van Zuid-Afrika in ons werelddeel heeft.

De ouders van Coetzee, die door de Engelse oorlog zwaar beproefd geworden waren, hadden het niet breed. Toch heeft de schrijver later getuigd en ook onrechtstreeks in zijn kunst doen aanvoelen, dat hij gelukkige kinderjaren gekend heeft. Samen met zijn ouder broertjes, een Bantoejongetje en een

grote hond, ravotte hij van 's ochtends tot 's avonds, van de ene hoekpaal tot de andere, die zijn vaders erf afbakenden. Dat openluchtleven bracht een aaneenschakeling van ontdekkingen en avonturen. In de verte stonden de kamlijnen van bergen tegen de hemelkoepel uitgetekend; de vogels schreeuwden in de rietbosjes, die langs het water van fontein en beek opgeschoten waren en op warme dagen vertoonden zich luchtspiegelingen van bomen en huizen, strand en zee, die de scherpe lijnen van een werkelijke aanwezigheid met de verlokkenende tover van het droombeeld verenigden.

Hier "in die wêreld van Uitkyk se vlakte" is het, dat Coetzee de indrukken opgedaan heeft, welke zo diep in zijn geest geprent werden, dat latere ervaringen ze nooit meer konden uitwissen. Voor zijn verhalend werk zijn ze de bezielingsbron geworden, die onuitputtelijk is blijven rinnen. Hier ligt de boerderij vanwaar Dawid Pienaar uit "Aan die Dag se Soom" vertrekt om op Suikerbos te gaan studeren en waarnaar hij in verlangen steeds terug wil keren. Hier moeten wij "Fonteinplaas" zoeken, de hofstede van Herkulaas uit "Waar die Waterbul brom". Sterker dan dat, het landbouwbedrijf waarop Coetzee het levenslicht aanschouwde, heet in de Bantoe-taal "Mpôhō Sidoemaneng", naam die in het Afrikaans met de titel van de roman overeenstemt. Over deze streek hebben de wervelwinden gewaaid uit "Die Dans van die Dwarrelwinde", waarin over het zware lot van Andries Rootman op "Uitkyk" gehandeld wordt. De verbondenheid met zijn geboortegrond treft niet minder overtuigend uit verschillende verhalen, zoals uit "Aan die Voet van die Reënboog" en "Die groot Verlies".

Die plaats van herkomst kreeg voor de schrijver zelfs de betekenis van een symbool. Zij is het land waar stilte en eenzaamheid, arbeid en innerlijke vrede te zamen gaan, doordat de mensen die er leven en werken zich opgenomen voelen in een zinrijk geheel, waar ze door angst noch twijfel of verbittering worden geteisterd. In dat paradijs zou Ferdinand Bastiaanse uit "Waarheen, Vader?" een toevlucht willen zoeken als hem, na de ineenstorting van zijn levensgeluk, geen houvast meer overblijft. Daarheen gaat ook de hoofdpersoon uit "Lewenslank" terug, als hij ontgoocheld door de grootstad Onrus die Johannesburg is, een kleine landeigendom koopt, om daar van de grond af zijn leven weer op te bouwen.

Hetzelfde gebeurt met de hoofdpersoon uit "Ons Vriend", die jaren lang in de stad kantoorklerk geweest is en het daar alleen kon uithouden, omdat hij in de namiddag een streepje zon en hoog in de verte de pieken van de Magaliesbergen te zien kreeg. Wanneer zijn moeder voor wie hij moest zorgen

overleden is, kan hij eindelijk aan zijn verlangen voldoen, en op het platteland gaan wonen. Het blijkt evenwel dat hij er te lang van weg geweest is. Hij kan er niet meer aarden en zal nergens rust meer vinden, want zijn heimwee heeft een metafysische inhoud gekregen en is drang naar het absolute of, in het verhaal nog ongenoemd, naar God geworden.

Die ontwikkeling leidt ons naar een tweede motief in Coetzee's kunst. Zoals uit verschillende van zijn geschriften blijkt, is hij in zijn jeugd, als leerling aan een hoërskool en zelfs tijdens zijn vakanties thuis, een zeer eenzame jongen geweest. Klaarblijkelijk had hij die karaktertrek gemeen met zijn vader, die ondertussen zijn boerderij moeten verlaten had om werkopzichter in een kalkgroeve te worden, maar nooit kon vergeten vanwaar hij weggegaan was. Een swijgzame en wijze man. In "Aan die Dag se Soom" vernemen wij hoe lastig zijn zoon het gehad heeft om de weg naar andere mensen te vinden. Verschaeve zei dat men niet mag wanhopen aan degenen die voor hun volwassenheid met een bijna ondraaglijk gevoel van alleenzijn worstelen. Zij zijn de enigen die het leven als een roeping ondergaan en daardoor als door de last van hun verantwoordelijkheid verpletterd worden. Eenzaamheid betekent uitverkiezing. Op rijpere leeftijd wordt een man die werkt en nadenkt eraan gewoon, zodat hij het besef van zijn allenigheid met humor leert aanvaarden.

Maar voor dat mogelijk wordt, heeft hij in zich een bijzondere kracht moeten ontwikkelen. Ze werd aan Coetzee geschenkt door zijn geloof. In een lezing, getiteld "Van Stilte en Eenzaamheid", voor een gehoor van Nederlands Hervormde Predikanten in 1955 te Pretoria gehouden, heeft hij een herinnering aangehaald, waarvan het belang voor een beter begrip van zijn persoonlijkheid moeilijk overschat kan worden. "Uit my vroegste kinderjare het 'n herinnering my dwarsdeur my hele bestaan bygebly, 'n herinnering wat gewerk het soos 'n vertroosting. Ons het toe op ons stamplaas gewoon in die verre wes-Transvaal, waar die nawee van die Tweede Vryheidsoorlog ons gesin gedwing het tot 'n wurgbestaan. Ek onthou hoe my vader en moeder moes sukkel op daardie plaas: slanggif en tulpe wat die beeste en skape laat vrek het, perdesiekte wat dit vir ons nodig gemaak het om donkies en muile te ry omdat perde nie daar kon bestaan nie. Ek onthou hoe dat my ouers moedig koeie en bokke en skape deurmekaar moes melk om die nodige voedingsmiddele in die huis te bring vir eie onderhoud en vir dié van hulle kinders. Maar daarnaas onthou ek ook dat hulle nooit voor ons gekla het nie, en as die veeleisende dagtaak afghandel was, het ons gesin saans, na die reiniging van hande

en voete in dieselfde handbadjie water, vergader om die eenvoudige dis wat dikwels bestaan het uit heerlike melkkos en brood. En as ons dan met die ete afgehandel het en ons kinders het die skottelgoed gewas en gebêre, het ons ewe aandagtig by kerslig, soms in die ligkol van die hanglamp, vergader, waar my vader in die groot familiebybel gesit en blaai het om iets geskiks te vind om vir ons voor te lees."

Op gevorderde manneleeftijd denkt hij nog met vertedering terug aan de tochten, welke zijn familie drie "skofte" ver met de ossewagen ondernam, om het Avondmaal bij te wonen. "Die sedelear van die Bybel was seker een van die grootste vormende kragte in my lewe." Zijn religieuze bekommernis zal later voeren tot een problematiek die hem jaren lang bezighoudt en inspireert tot het schrijven van twee filosofische en meesterlijk volgehouden gedichten, die onder de schuilnaam Soul Erasmus Smit verschenen zijn. Zij bevatten de neerslag van zijn tobben en zoeken, een eindeloos verlangen naar ontmoeting met en bezit van de Allerhoogste, die zich in tekens doet kennen maar zelf in geheimenis gehuld blijft. "Ruiter in die Wind" eindigt met een strofe, die in haar ontzagwekkende grootsheid alles insluit wat de dichter aangelokt en weer afgestoten, vervuld en bewogen heeft:

"Genade, Here: tot op laas my gees van wal moet steek,  
die lang reis vat, laat sonder letsel dit my stof bewoon,  
dat as die dun vlies van die eeue in my oë breek,  
ek volbewus en gaaf my vorm kan aflê voor U troon;  
laat ek tot troos die langpad langs drie beelde met my voer:  
die laeveld, waar tussen struik en strooise lewe roer  
by volmaan, geil en hitsig; koud oor hoëveld en ver  
die harde winterdag in, blank en rein die awendster;  
as derde Heer, ou Tafelberg, die ruwe skurwe rots  
wat nors die neweldecken van sy skouers skuif, met trots  
die woeling aan sy voet minag, en kalm oor golwe staar  
waar mense argeloos die waterstille binnevaar.

'n Laaste bede: As dan nog my dooie stof ontbind,  
laat my vir ewig hang by meeuë in die suidewind."

Zonder geloof in God en de eeuwige bestemming van de mens, sou Coetzee niet kunnen schrijven hebben zoals hij het gedaan heeft. Zoals onder de grond de onzichtbare wateraderen vloeien, die de planten wasdom en vorm verlenen, ligt achter de geschiedenissen die hij vertelt, de godsdienstige overtuiging van een man, die nooit bij een oppervlakkige levensgenieting zal kunnen berusten. In "Die Openbaring", dat uit 1939 dagtekent, zoekt de ik-persoon uit het verhaal troost in het besef dat er een eeuwigheid bestaat, waarin hij zal opgenomen



worden. Hij is uit de regen, mist en koude van het noorden naar zijn zonnig Suid-Afrika afgevaaren. In Nederland heeft hij door de dood zijn vriend verloren. Nu voelt hij zich nurks en bedroefd. Zijn medepassagiers, inzonderheid een vrouw die voor haar dochter een partner werft, wekken zijn weerzin op. Maar op een late namiddag komt er vrede in zijn gemoed: hij hoort in het klotsen van de zee de eeuwigheid ruisen. In dat geruis weet hij zijn vriend, in dat geruis zal ook hij eens het bewustzijn van zijn eigenheid verliezen en daardoor van alle kwelling bevrijd worden.

De nood aan God wordt nog duidelijker vertolkt in "Die brandende Braambos". Weer laat de auteur een verteller over zichzelf aan het woord. Hij heeft het over zijn vriend Evert, met wie hij aan dezelfde universiteit geweest is. Toen zij na het voleindigen van hun studies op een etentje van elkander afscheid namen, beweerde Evert dat de Bijbel niet waar kon zijn. Vijf jaar later zagen zij elkander toevallig terug. Nu verklaarde Evert spottenderwijs dat de Bijbel bedrog was en om zijn be-toog kracht bij te zetten, haalde hij voorbeelden aan van feiten en uitspraken, die door zijn manier van voorstellen ontheiligd werden. Na die ontmoeting ontspon zich een briefwisseling, die eindigende met de wanhopige vaststelling dat het de mens was die God geschapen had en daardoor het gehele leven zinloos is. Daarop volgde de tijding dat Evert zich een kogel door het hoofd gejaagd had. Zonder God was langer leven hem niet mogelijk. De verteller besluit met een gebed tot de Alwijze om licht, bevroedend dat het geluk slechts beveiligd wordt als het binnen de waarheid geborgen is.

In een derde verhaal, "Kersbelofte", wordt onomwonden getuigd dat God doel en bestemming van ons leven is. Alewyn Pieterse, eens een geëerd onderwijzer, is een landloper en bedelaar geworden sedert zijn enig zoontje, op wie hij zijn hoop en trots gesteld had, door een vrachtwagen vermorzeld werd. Omdat hij het mysterie van het lijden niet kan verstaan, is hij tegen God in opstand gekomen. Dominee Odenzaal leert hem dat een mens niet anders te doen heeft dan gehoorzaam te zijn. Wat kan hij oordelen over zaken, die zijn begripsvermogen overtreffen? Kan het niet dat het lijden de enige krachtbron is, die de mensheid op de weg van loutering en vergeestelijking verder drijft? Pieterse denkt over de woorden van de dominee na en komt terug naar huis. Op Kerstmis gaat hij samen met zijn vrouw naar de kerkdienst. "Geen mens kan deur 'n ander mens voortlewe nie."

Dat ziet hij nu in. "Jou eie lewe moet uitloop in die goddelike Ewigheid, en jou nageslag het hulle lewe om te leef en hulle

die taak om te vervul en ook die weg na die Oneindige te ontdek." Hierbij sluiten wij de opmerking aan, waarmede Coetzee zijn toespraak tot een groep predikanten, waaruit we iets aangehaald hebben, besloten heeft: "Om weer terug te keer tot die stilte, het ons nie nodig om as volk terug te keer tot die landelike nie. Ook die stadsmens kan deugszaam en stil wees, as hy maar uit sy eensaamheid verlos kan word, as hy maar weer 'n sin kan vind in die bestaan. En daardie sin kan hy slegs vind in die godsdienstige ervaring en beleving. Die mense van God is van self stil, want in die stilte is God."

Wie als gelovige in de wereld staat, zal zich zelden in een trots individualisme van de mensen afkeren. Zij zijn immers voor en met hem kinderen Gods. Zo is godsdienst meer dan een persoonlijke aangelegenheid, want tezelfder tijd een gemeenschappelijke hulde en aanbidding van het Opperwezen. Het sociale motief is daardoor even kenschetsend voor het werk van Coetzee, als het religieuze element waarop wij reeds de aandacht gevestigd hebben. Het eenzaamheidsgevoel dat hem in zijn jeugd gekweld heeft en waarvan hij zich ook later niet kunnen en willen vrijmaken heeft, is niet met zijn medegevoel met de mens in tegenstrijd. Veeleer mag het omgekeerde gelooft worden. Slechts wie met die anderen rekening houdt, hun iets geven wil en in ruil hun gift terug verlangt, kan zich echt eenzaam voelen. Zelfvoldaanheid sluit eenzaamheid uit.

Het is mogelijk dat de omstandigheden, waarin de ouders van Coetzee hun kinderen groot gebracht hebben, hem in het bijzonder voor het leed en de zorgen van andere mensen ontvankelijk gemaakt hebben. Nog waarschijnlijker lijkt het ons dat sociale gezindheid en eenzaamheidsbesef tot de grondstructuur van zijn wezen behoren. Wie de mogelijkheid tot verbetering en verheffing van de mens aanneemt, gelooft in de liefde. Het werk van Coetzee is bevolkt met talrijke personen, die om het geluk van anderen zichzelf kunnen vergeten. Het begint al in het kort verhaal "Bankrot" uit "Skimme van die Goudstad", waar een oud vrouwtje haar spaargeld van een bank afhaalt, om voor haar pleegkind voedsel te kunnen kopen.

In "Die Dans van die Dwarrelwinde" sterft Andries Rootman met zijn dochttertje, dat hij van de dood wil redden en in "Waar die Waterbul brom" is het Sielja, die haar leven op-offert om, door het herstel van een onrecht, verder onheil van haar familie af te weren. Het is liefde die de vrouw en de oudste zoon van Ferdinand Bastiaanse uit "Waarheen, Vader?", nadat zij aanvankelijk gearzelf hebben en voor de verantwoordelijkheid weggevlucht zijn, doen besluiten over hun bezwaren heen te stappen en bij hem te blijven. Zodoende

zullen zij hun echtgenoot en vader en ook zichzelf voor de wanhoop redden, want door het instandhouden van het gezinsverband blijven zij van een ontwrichtende eenzaamheid gespaard.

Ook in deze bundel treffen wij het sociaal motief in verschillende verhalen aan. Zo in "Goudjagers", waar Coetzee de tegenstelling tussen de geldzucht van de meeste mensen en de edelmoedigheid van enkelen, een schamele vrouw en twee kinderen, doen uitkomen heeft. De stad ontwaakt tot de zenuwachtige bedrijvigheid van iedere dag. Een sjofele, versleten straatveger is nog bezig met zijn arbeid. Ondertussen heeft Tante Miena, een bejaarde en arme vrouw, haar plaats bij het oorlogsmonument ingenomen. Zonder te spreken en toch bedelend om een kleine verdienste, zit zij met een rist schoenveters in haar hand. Zij heeft de gehele winter koude geleden, maar nu hoopt zij op de terugkeer van het warme jaargetijde. Eens heeft men haar van haar zitplekje weggejaagd, omdat er die dag bij het monument een plechtigheid zou plaatsgrijpen. Dat verwonderde haar. Mocht het gedenkteken niet als een verheerlijking van de hoogste liefde beschouwd worden?

De haastige mensen die voorbijlopen zien haar nauwelijks en gunnen haar niet veel. Dan komen ineens twee kinderen op haar toe, een jongen en een meisje, die haar handen verwarmen in hun handjes. Diep getroffen neemt zij hen mede naar haar hut, zet koffie voor hen en laat ze slechts 's avonds naar huis gaan. De volgende nacht is het zeer koud. 's Anderen daags blijkt dat de straatveger gestorven is en later op de dag wordt ook Tante Miena dood gevonden in haar woning. Zij is zonder verdriet uit het leven verscheiden, want haar gezicht schijnt te glimlachen naar de zon, die met haar stralen tot de onderkant van de straat doordringt.

Even sterk blijkt uit "Ontnugtering" en "Vriend van die Kabouters" hoe Coetzee over de onbewuste wreedheid van de mensen denkt. Gewin en winst zijn alles voor hen. Hun zakelijkheid bij het nastreven van materiële doeleinden lijkt een verkeerd ingesteld idealisme, waardoor zij zich ontslagen achten voor de levende mens uit hun omgeving aandacht en genegenheid op te brengen. Dat de zoontje van Tromp worstelt met de dood en zijn vader in dat beslissende uur bij zijn kind wil blijven, zegt Koelenbach niets. Hij heeft Tromp nodig voor een karweitje dat geld zal opleveren en dat alleen is van belang. Dat het met het leed van anderen betaald moet worden, veront- rust hem niet eens.

Zo gaat ook meester De Lange uit "Vriend van die Kabouters" door het onbegrip van zijn superieuren ten onder. Om de

kinderen die aan zijn hoede toevertrouwd zijn voor schoonheid en goedheid ontvankelijk te maken, vertelt hij hun over de wereld der kabouters, het rijk van de poëzie, waar alles mogelijk wordt. Dat bevalt nu niet aan de heren van zijn schoolraad, die hem ter verantwoording roepen. Hun gemis aan vertrouwen maakt hem ziek en het einde van de geschiedenis is dat hij, in de geest ontredderd, in een gesticht moet opgenomen worden.

Het sociaal besef, dat in het werk van Coetzee tot uiting komt, is veel ruimer en dieper dan een opwelling van klassebewustzijn. Het sluit namelijk deernis voor alle beproefden en verontrechtten in. Men zou het met een doodgewoon woord liefde voor de naaste mogen heten. Het wortelt in dezelfde wezensgrond, waarin zijn Godsgeloof zijn voedingsbodem vindt. De innerlijk eenzame droomt van verbondenheid en een bestendige wisselwerking tussen het ik en het al. Hij richt zich op de onbegrensde liefde die God is en afdalend tot de mensheid, het volk en al wie in zijn omgeving leeft.

Het vierde motief in de kunst van Coetzee is zijn zorg om het welzijn van de Afrikaanse natie en dichter bij hem, om het geluk van zijn familieleden. Hij behoort tot het geslacht dat groot geworden is in een tijd dat zijn volk, onmiddellijk na de Engelse oorlog, in zijn verarming en machteloosheid benadeeld en vernederd werd. Met veel andere jonge Afrikaners was hij verplicht de stamplaas van zijn voorgeslacht te verlaten, om in de stad zijn toekomst te maken. Daar heeft hij ondervonden hoe zwaar die overgang voor velen was, zodanig dat zij er niet in slaagden hun bestaan te verzekeren of zich afzonderden van hun eigen volk.

In die omstandigheden zou het gemakkelijker geweest zijn alleen voor zichzelf in te staan. Maar die houding zou hem lafheid en verraad toegeschenen hebben. Als gevorderde student heeft hij in 1929 de eerste Handhawersbond in Johannesburg helpen organiseren en sedertdien gedaan wat in zijn vermogen lag om het behoud en de vooruitgang van het Afrikaans in de Goudstad te bewerkstelligen. Samen met Prof. Dr. C. M. van den Heever heeft hij onverpoosd geijverd om aan de Universiteit van Witwatersrand meer belangstelling voor het Afrikaans op te wekken. Dat het hem gelukt is dat doel te verwezenlijken en door zijn initiatieven op het gebied van de volkskunde en de literatuur het prestige van zijn volk te verhogen, zal hem bij alle goedmenenden tot eer blijven strekken.

De nationale overtuiging van Coetzee moet niet nadrukkelijk uitgesproken worden. Zij is in zijn gehele werk aanwezig. Zijn gehechtheid aan de natuur en de natuurlijke gaafheid van

dingen en mensen houdt ermede verband; zijn verlangen naar vooruitgang en geestelijke verheffing sluit erbij aan. Land en volk maken een eenheid uit, een waarde waarvoor hij zich verantwoordelijk voelt. Hij houdt van degenen, hoe onaanzienlijk ze ook mogen zijn, die de trouw aan hun afkomst boven persoonlijk voordeel stellen en minacht de profiteerders, die om geld en eer, tegen hun zuiver inzicht in gehandeld hebben.

In "Die groot Oorwinning" toont hij aan dat zo iemand weet wat hij misdaan heeft en er ten andere vroeg of laat voor gestraft wordt. Nu Jerrie De Witt, die in het mijnbedrijf een hoge functie vervuld heeft, op rust gesteld is, wil hij in de politiek een rol gaan spelen. Er zijn twee tegenkandidaten met wie hij af te rekenen heeft: de vrouw van een treinkondukteur, die omgekocht wordt, en een rechtgeaard man, die noch voor geld noch voor bedreigingen zal zwichten. Het leven van die laatste ligt in één rechte lijn en omdat iedereen weet dat hij nooit iemands vertrouwen geschonden heeft, zullen de kiezers hem in de steek niet laten. De Witt heeft zich tijdens de Engelse oorlog, om een voorname betrekking die hem aangeboden werd, in een vrijkorps laten aanmonsteren om tegen zijn eigen volk te vechten. Sedertdien is hij niet meer Gerrit maar Jerrie De Witt geweest. Nu ondervindt hij, wat zijn geweten hem altijd voorspeld heeft, dat hij eens voor zijn verraad zou moeten boeten. Men krijgt waar men recht op heeft.

Met die liefde voor de natuurlijke gemeenschap waartoe men door zijn geboorte behoort, gaat dikwijls en zo ook bij Coetzee een innige verbondenheid met zijn familie gepaard. De diepste mensen zijn opgegroeid naar hun ras, de oppervlakkigsten naar hun tijd. Sterk aansprekend in het werk van Coetzee is de binding die hem met zijn ouders en vooral nog met zijn vader verenigt. Zij heeft hem tot enige van de schoonste bladzijden uit "Aan die Dag se Soom" geïnspireerd en ook in zijn korte verhalen treedt zij meer dan eens aan het licht. De schrijver heeft zich in het lot en de existentie van zijn vader ingeleefd en zo, als in eigen ziel en vlees ervaren, wat het voor hem moet betekend hebben, land en erf te verlaten, om in de nijverheid te gaan werken.

Dan ziet hij zijn vader, zwijgzaam en ingekeerd, voor zich uit zitten staren, niet alleen naar het herinneringsbeeld van zijn boerderij uit vroeger dagen, maar naar de verte waarin ongevormd en onbegrensd het mysterie van het leven aanwezig schijnt. Het is meer dan medelijden, het is even zeer bewondering en eerbied, een gezegende verwantschap, die hij voor en met zijn vader voelt. Hoe ver zijn wij hier van het Freudiaanse Oedipoeskomplex, waaraan de naturalisten als aan een onom-

stootbaar dogma gehecht zijn geweest! Dertig jaar geleden nog zouden de nihilisten van de geest die levenshouding als een erfenis uit een voorbije tijd geminacht hebben. Thans zouden ze alleen de verdenking op zich laden dat ze zich als onvolwassenen, door vooroordelen geleid, tot onverantwoorde uitspraken laten verlokken. Godsdienst en familie, sociale gemeenschap en volk zijn waarden die, hoe aangevochten ook, alsnog alle eeuwen overleefd hebben. Coetzee maakt daar trouwers met de fierheid van een rechtschapen man de volgende opmerking bij: "Ek is ouderwets en ek sou graag my kinders ook ouderwets wou sien in hulle opvattinge". (1)

Nu wij weten hoe de schrijver tegenover de wereld staat en welke gedachten in zijn werk verkondigd worden, valt ons nog te onderzoeken op welke manier hij zijn ervaringen en zijn visie op de dingen onder woorden brengt. Bijna al zijn verhalen bezitten een realistische inhoud. De personages welke hij uitbeeldt, kan men in werkelijkheid in onze steden en dorpen ontmoeten; de gebeurtenissen die door hem beschreven worden, blijken bijna altijd van het dagelijkse leven afgekeken. Tekenende bijzonderheden en lokale kleur verhogen in niet geringe mate de indruk van onvervalste waarachtigheid die van zijn romans en verhalen uitgaat.

"Sonder die lewe kan daar geen kuns wees nie." Hij eerbiedigt het leven en weigert de verbeelding toe te staan wat de waarneming niet kan beamen. En toch is zijn realisme geen kopij van het leven, zoals zulks in de spektakulaire geschriften van de 18e en 19e eeuw gebruikelijk was. Naast zijn werkelijkheidszin leeft immers in Coetzee het idealisme van de eeuwig-romantiek. Hij gelooft niettegenstaande alles in de goedheid van de mens, althans van degenen die door stilte en eenzaamheid getekend, of door lijden en liefde geroepen werden. Daardoor zijn ze in staat tot de meest onverwachte handelingen, tot offers en strijd, tot een voortdurend overschrijden van zichzelf.

Wat een reeks figuren heeft hij in zijn werk getekend! Licht of donker, aantrekkelijk of afstotend, hebben zij toch allen die mogelijkheid tot verandering behouden, waaraan het te danken is, dat ze nooit tot toneelpoppen verstarren. Evenzeer romantisch lijkt ons zijn liefde voor de natuur. In de wereldletterkunde is de natuur slechts van belang geworden, toen ze geschreven werd door stedelingen die van het platteland gekomen waren en zich in hun nieuwe omgeving moeilijk thuis konden voelen. In Johannesburg heeft Coetzee Grootfontein nooit vergeten. Veel van zijn helden worden door heimwee naar hun geboortestreek gekweld. Maar als zij, soms nadat zij

alles prijsgegeven hebben, naar dat land van herkomst terugkeren, stelt het hen te leur. De school uit zijn kinderjaren is een onooglijk gebouwtje geworden; de vlakke heeft iets van haar eindeloosheid en de verre bergketen veel van haar betoverende majesteit verloren.

De grond van dat heimwee naar huis blijkt de onbepaalde zwerfdrift van de romantiek te zijn, de onrust van een hart dat alleen bij en in het absolute tot rust zal komen. Voor Coetzee is de natuur dat alles samen, bron van vrede en tegelijk een symbool, teken van Gods bestaan en een afspiegeling van zijn Wezen. Niet dat hij er lange beschrijvingen aan zal wijden. Veeleer roept hij ze op door terloopse aanduidingen, door een toespeling en een beeld, die behalve haar uitzicht ook haar bezielende kracht suggereren.

Die tweede realiteit achter de dingen is het, die zijn kunst schoon doet zijn door haar de toverglans van de poëzie te schenken. Hij verhaalt over een arme vrouw die van koude sterft, maar over haar gezicht ligt de glans van het geluk; over een schoolmeester die schijnbaar mislukt een wrak geworden is en toch heeft hij in zijn leerlingen het verlangen naar het hogere gewekt; over een klerk, die eindelijk aan zijn kruk en kantoor ontvlucht, in zijn jeugdland niet kan vinden wat hij er zocht, doch niettemin naar de stad terug zal gaan met het beeld van de Magaliesbergen op het netvlies van zijn herinnering. Er is geen kunst zonder leven, maar ook geen schoonheid waar het leven niet door de kunstenaar tot een nieuwe werkelijkheid omgeschapen werd.

Coetzee bereikt die omtoevring op een ongedwongen manier, alleen door zichzelf te zijn. In zijn eerste verhalen en romans voelt men aan dat hij dicht bij zijn onderwerpen staat en medeleeft met de aandoeningen waardoor zijn helden beroerd worden. Hij blijft een verteller, iemand die zijn stof objectiveert, en toch lijdt hij mede met zijn geslagenen, deelt hij de verontwaardiging van de verontrechtten en verheugt hij zich om de glimlach die het geluk aan sommigen gunt. Dikwijls gebeurt het dat hijzelf, min of meer vermomd, de held van zijn werk is. Zo herkennen wij hem in Dawid Pienaar uit "Aan die Dag se Soom". Zijn roman "Waarheen, Vader?" heeft hij geschreven nadat hij gedurende drie maanden deel uitgemaakt had van het onderkomitee dat door de Schoolraad van Johannesburg belast was met het verwijderen van de kleurlingkinderen uit de scholen voor blanken.

Later is er meer afstand en overstoorbaarheid gekomen. Dat betekent niet ongevoeligheid. Coetzee heeft de gave van de humor gewonnen, het greintje zout dat van de opgedroogde

tranen overblijft. Humor toont aan dat men de werkelijkheid onder de knie gekregen heeft, al is men er niet mede verzoend. Hij maakt het leven draaglijk voor elkander en uiteindelijk tot een dankbaar aanvaard geschenk. Die humor zullen de lezers proeven in "Die groot Bobbejaanstap" en in "Die Kaapse Draai", waar de atmosfeer van de verhalen met het relaas van de nochtans eenvoudige gebeurtenissen samenwerkt, om die schalkse glimlach te voorschijn te roepen waarmede wij, zonder iemand pijn te doen, met ons aller dwaasheid kunnen lachen.

Een laatste woord over de taal van Coetzee. Hij zoekt er niet naar om de dingen mooi te zeggen. Zelfs mag getuigd worden, dat hij alles schuwt wat naar opzettelijkheid zweemt. Soberheid is een kenmerk der groten. In een vraaggesprek met P. J. Nienaber heeft hij verklaard dat hij niet gemakkelijk schrijft. Hij vindt de inspanning die een scheppend werk vergt veel zwaarder dan de inspanning die aan een wetenschappelijk geschrift wordt besteed. De woorden wekken als het ware elkander op en doen de kunstenaar, als hij niet waakzaam blijft, zaken zeggen die hij aanvankelijk niet bedoeld heeft.

Daartegen geldt slechts één middel: vooraf duidelijk te weten wat men wil zeggen. "As ek daardie bewustheid het, streef ek na die helderste deursigtigheid in wat ek sê. Daarom maak ek doelbewus gebruik van die eenvoudigste taalmiddels. My eie spreektaal, omgevorm na die vereistes van die omstandigheid, vind ek begryplikerwyse die geskikste vir my eie gebruik".(2) Taal is middel, ze wordt geen doel. Niettemin vraadt zij de innerlijke persoonlikheid van de kunstenaar, zoals bij een dier in rust het leven van spieren en zenuwen door de trilling en lichtspeling van de huid verraden wordt. Zo krijgen de woorden, buiten en boven de betekenis die in het woordenboek opgetekend staat, een begripsinhoud en een gevoelswaarde die van persoon tot persoon verschillen.

Kunstenaar is degene die zich van zijn eenmalige persoonlikheid bewust is en zo uitdrukken kan wat in hem leeft, dat anderen erdoor aangedaan worden. Wij vinden wat Coetzee verhaalt en dicht altijd levend, altijd boeiend. De schoonheid die hij biedt bezit de kleur en de geur van zijn land, ze toont de problemen die er thans gesteld worden en schenkt tegelijk inzicht in de eeuwige mens. De mens die hij is en wij zijn. Dat te mogen neerschrijven sluit de erkenning van zijn adel en grootheid in!

(1) In „Van Sterre tot Ster”, in „Spectrum” 14. 1. 1962.

(2) Opgenomen in „Jonge Skrywers oor eie Werk”. Uitg. Afrikaanse Pers Boekhandel, Johannesburg, 1951. Blz. 80.



DAWID SPANGENBERG :  
ANDRIES ALBERTS SE  
„KRITERIA VAN DIE KRITIEK”

Die eerste vraag wat by 'n mens opkom na die lees van Alberts se artikel is: wie is nou eintlik die kunstenaars teen wie die skrywer so uitvaar? Wie is die jonger skrywers wat hulleself volgens hom as modern, anargisties of amoreel beskou? 'n Paar name van skrywers en werke sou raadsaam gewees het. Gedurig wonder 'n mens waarvan die skrywer nou eintlik praat. Waarvan praat hy bv. as hy skrywe van „die opkoms van die immorele en pornografiese massalektuur in ons taal?” 'n Mens wonder watter werke hy in gedagte het as hy verklaar dat motivering deur die Deus ex machina vervang word. Dergelyke hallusinasies is volop in die artikel. Laastens is dit jammer dat die begrip „onetiese kuns” ongedefinieer gebly het.

Mnr. Alberts maak verder verrassend gewaagde stellings. Een enkele filosoof, nl. Plato se teenstrydige identifikasie van ideale skoonheid met ideale goedheid en perfekte waarheid word tot grondidee gemaak van die sg. Grieks-Christelike grondslag. Ook word daar onomwonde verklaar dat in die wêreldliteratuur geen presedent van onetiese kuns bestaan nie. Mnr. Alberts skep die indruk van 'n baie onverantwoordelike skrywer wat begrippe en modewoorde rondgooi soos skoolkinders papiervliegtuigies in 'n klas.

Maar om terug te kom tot die hoofargument van die artikel. Mnr. Alberts is fanaties behep met die etiese, die goeie, wat hy tot een van die kriteria van die literêre kritiek wil verhef. Hy wil sedelike en religieuse waardes as waardebepalende waardes vir die kunswerk gaan stel. Hy is daarby volkome in onkunde oor moderne ontwikkelinge in die letterkunde-genres en moderne opvattinge in die literêre kritiek. Hy soek steun vir sy verouderde idees by figure wat die ouer geslag in ons letterkunde verteenwoordig. Hy beroep hom dus op die „geselskap” van D. F. Malherbe (wat so raas oor die „maaierkultus” in ons poësie) en een van sy volgelingen, C. M. van den Heever, wat sterk beïnvloed is deur die godsdienstiggekleurde kunsbeskouing van Tolstoi en wat 'n groot bewondering vir Totius gehad het. Hoe 'n groot waarde hy heg aan die etiese en godsdienstige as maatstaf vir die literêre kritiek laat blyk hy uit 'n bewering van C. M. van den Heever

wat hy goedkeurend aanhaal: „Ek dink 'n boek se kunswaarde hang van die skrywer se konsepsie van God af”.

Wat is nou die opvattinge oor die uitbeelding van die onetiese in die literêre kuns en die beoordeling daarvan deur die literêre kritiek, soos dit gehuldig word deur moderne Suid-Afrikaanse skrywers en kritici, en waarvan Alberts blykbaar so onbewus is? Die volgende twee uitsprake kan as verteenwoordigend geld vir die mening van skrywers hier en oorsee. Die volgende woorde van Van Wyk Louw is 'n gemeenplais vir elke letterkundestudent in die eerstejaar: „Alles, maar ook alles wat die moderne mens roer, wat sy vreugde of smart maak, moet ook in ons literatuur sy neerslag kry. Ons mag nie meer terugdeins en sê: dit is te gekompliseer vir ons eenvoudige beskawing, dit is te gewaagd of diepsinnig nie”!<sup>1</sup> In 'n artikel in die Huisgenoot van 14 Februarie 1958 waarin Uys Krige sy gedig, Vignette, verdedig, skryf hy: „Die ware skrywer eis vir hom op die hele lewe en die hele mens – die mens met sy deugde en gebreke, met sy hoogtes en sy laagtes; met wat daar goddelik of edel in hom skuil sowel as wat daar duiwels of boos uit hom te voorskyn tree”.

Beteken dit nou dat die skrywer met die uitbeelding van die hele mens, d.w.s. ook van die onsedelike, nou maar so ver kan gaan soos hy wil? Seer sekerlik nie. Beteken dit dat hy hom in sodanige uitbeelding deur die godsdiens en die sedeleer sal laat lei? Seer sekerlik nie. Dit beteken slegs dat die skrywer hom alleen deur estetiese, aristieke oorweginge sal laat lei. En die onsedelike wat in sy werk voorkom –tewens die werk as geheel – sal nie deur etiese of godsdienstige norme beoordeel word nie, maar alleen deur estetiese norme. Die vraag wat die kritikus homself dus sal stel, is die volgende: is die onsedelike 'n bepaalde werkgedig of roman – geïntegreerd, noodwendig, m.a.w. funksioneel? So verklaar Uys Krige in sy reeds genoemde artikel: „Die leser kan stellig teen ‚grofheid’ uitvaar – maar dan slegs wanneer dié grofheid moedswillig is, aspres, waar dit te doelbewus aangewend word, bloot terwille van sy skok-effek, en dit nie die volkome logiese konsekwensie is nie van 'n bepaalde situasie, of spontaan vloei uit 'n sekere stemming, of in volkome samehang is met wat voorafgegaan het of met die geheel van die gebeure of gegewens”. In sy opstel oor die Nagwag-gedig van Opperman in Standpunte<sup>2</sup> skryf A. P. Grové: „In die literatuur gaan dit nie om die mooi woord nie, maar om die sinvolle, die noodwendige woord”. Uit bogenoemde twee uitsprake blyk dus die volgende, baie belangrike feit: die etiese of onetiese moet steeds as strukturelement beoordeel word.<sup>3</sup>

Die onetiese in die poësie of prosa bly dus in die laaste instansie 'n suiwer literêre aangeleentheid, en die vraag is nie of 'n gedig of 'n boek moreel bevredig of nie, maar of dit as 'n organiese eenheid van vorm en inhoud artistiek bevredig, al dan nie. Het dit waarlik kuns geword? Dit is die kernvraag. In 'n boek of gedig wat nie artistiek bevredig nie, sal die onsedelike ons walg. Het dit daarenteen ware kuns geword, sal selfs die onsedelike estetiese bevredig.

Wie die etiese of goeie tot kriterium van die literêre kritiek wil maak, kom voor 'n haas onoorkomelike probleem te staan. Hy sal naamlik aan die skrywer haarfyn moet verduidelik hoe ver hy mag gaan in sy uitbeelding van die onsedelike. En waar gaan hy die grense trek? En tog is daar baie wat meen dat hulle so 'n grens kan bepaal. So sê Prof. Keet in sy boek, *Sedelike Vraagstukke* bl. 111, dat die skrywer wel die onsedelike mag uitbeeld, maar dat hy dit nie op so 'n wyse moet doen dat wat sleg en onsedelik is, vir ons goed sal voorkom nie. Die onkuise moet volgens hom so uitgebeeld word dat die mens nie daardeur tot onkuisheid geprikkel sal word nie. Nou werklik, ek kry die arme skrywer jammer wat met so 'n uiters ingewikkelde maatstaf voor oë 'n boek of 'n gedig moet skryf. Dit is duidelik dat dit hopeloos onprakties is om vir 'n skrywer buite literêre norme om te gaan voorskrywe hoe ver hy met sy uitbeelding van die onsedelike mag gaan, of op watter wyse hy die onsedelike moet uitbeeld.

Die twis oor die verhouding tussen die morele en estetiese waardes is eeue-oud en berus op die verwarring van twee groepe kriteria: die waarmee die etika die waarde van die sedelike lewe van die mens bepaal, en die waarmee die estetika die waarde van die kunswerk bepaal. So 'n tipiese verwarring kry ons ook by Andries Alberts. Hy is vry om besorgd te wees oor die sedelike lewe van sy volk, en dus ook oor onsedelike elemente in die kuns. Hy het egter geen reg om etiese norme as waardebepalende norme vir die kuns te gebruik nie en te verklaar dat die waarde van 'n kunswerk afhang van die skrywer se konsepsie van God nie.

1 Berigte te Velde, Nasionale Boekhandel, 1959 p. 13.

2 Jaargang XII No. 4 p.4.

3 John M. Warbeke dink in hierdie rigting as hy in sy boek, *The power of Art* (Philosophical Library, New York, 1951) verklaar: „Subject-matter in itself therefore provides a quite inadequate basis for moral judgement. It must be taken into account, but not in isolation from formal and sensuous factors which can actually transform good matter into evil, and evil into good”. (p. 216).

Volgens Elize Botha beskou Henry James moraliteit in 'n roman as „deel van die organisme, 'n kwaliteit wat in samehang met die ander dele van die organisme ondersoek moet word”. (Standpunte Jaargang XI No. 2 & 3. p. 3.

## C. W. HUDSON: BY DIE JONGERES

Van *Roux Botha* is 'n paar interessante jeugpogings ontvang, onder andere:

### DIE ONTSTEMDE

Hy slaan die kitaar op sy hart se snare,  
en hy sing van die meid met die reguit hare.

Hy wiegel-waggel in die gruis van die pad –  
verlore vir altyd in die vreemde stad.

Sonder bees, sonder grond, sonder taal, sonder stam,  
word hy in die massas opgedam.

'n Ry wit tande wat sorgeloos lag  
oor die koms van 'n nuwe (gelukkiger?) dag.

Hy slaan die kitaar op sy hart se snare  
en hy sing van die meid met die reguit hare.

Dit is 'n gedig waarvan die siening 'n werklike tema inhou wat met redelike mate van welslae verwoord is. Die stads-Bantoe is erg oor die nuwe modes van die stad, dra graag die nuwe pruike met reguit hare, maar tussen die menigtes beweeg die kitaarspelende Bantoe soos 'n verlorene: hy het alles verloor, sy tradisionele stamlewe, die hele wesensgrond van sy bestaan.

Dat Roux 'n waarneembare aanleg toon, blyk uit 'n tweede gedig wat deur hom ingestuur is:

### DOODSRYPPIE

Een  
geween.

Twee,  
meer gedwee.

Drie,  
die tyd vervlie.

Vier,  
Gawerjal is hier.

Vyf,  
jou lyf word styf.

Ses,  
ook jy beland in die warm nes.

Die vorm van die gediggie stel reeds die lewenspad voor, en in tientalle word die lewensjare afgemeet, want by vier (veertig) staan die Engel Gabriël al en wag. In die vyftigerjare word die ou litte stram en styf, en hier teen sestig wag daar die graf. Al is hierdie soort telrympie nie meer oorspronklik nie, toon die poging 'n eie benadering.

### *Humphrey du Randt*

Hier is 'n jongere man wat reeds goeie poësie skryf:

#### GEBOORTE

Deur tregters van U ewigheid  
is ek gestort:  
Op hierdie sandwoestyn  
soos opwaswater uitgesmyt.

Moontlik sou die enkelvoudsvorm van die woord *tregters* pasliker gewees het ten opsigte van die enkelvoudspersoonlike voornaamwoord: *ek* in die tweede versreël:

Deur die tregter van U ewigheid  
is ek gestort:

of anders:

Deur tregters van U ewigheid  
is ons gestort:

Ons, die mense, is deur die tregter in die hand van God noukeurig uitgemeet, dog ons val soos opwaswater uit, word in die lewe *uitgesmyt*, soos vuil; mooi het die digter vir ons die mens-God verhouding verwoord, met dienooreenkomende kontras-tering.

Een van die beste gedigte van hierdie jong digter is:

KAFFER-TAXI

Op ongelyke sinkplaatpaaie  
laat U my reis.  
My krok hang skeef om donker draaie,  
getieket en gelys.

Weer die mens-God verhouding in die tema, rake woordkeuse van 'n woordkunstenaar: let op die woord *skeef* en ook die titel, maar hier is daar 'n humor wat sterk opwel, as 'n soort emosionele *saving grace*.

Ook die volgende twee het my getref:

DIGTER

My fantasie's 'n boerpampoen  
my intellek 'n kers;  
langs die graftes in 'n sipresboom  
leef ek eensaam in 'n vers.

Die eensaamheid van die kunssinnige laat die digter *eensaam* in 'n *vers leef*. Die pampoenspook in die sipresboom in die begraafplaas word as beeld gebruik vir die digter se fantasie (die pampoen) en intellek (die kers, d.w.s. lig van die rede), en wel op so versimboliseerde wyse dat die kwartyn 'n aantal fasette van sinrykheid verkry. Die woord *in* verkry in die verse 'n besondere betekenis, 'n *inheid* van atmosfeer; die *sipresboom* (altyd lugreikend by 'n begraafplaas) is 'n suiwere keuse in die atmosfeerskepping, so ook *graftes* wat meer as een faset van betekenis kry.

Die titel van die volgende gedig kan moontlik anders gepunktueer word:

*Bekyk die oë man, die oë . . .*

Ou barste, nuutgewit,  
dit bly;  
ou sondes, toegebid,  
dit bly;  
„Alreeds begin die rimpel sny  
en stof en as is al wat bly.”  
Geplooië vel, opgesmuk,  
dit bly;  
ou pyn, vals geluk,  
dit bly;  
in skedelholtes vasgegroef,  
loer Skoppensboer, die hoogste troef.

Nog net nou die dag lees ons in *Tristia* (p. 34):

„Uit die gevormde literatuur  
is nooit meer poësie te maak nie,”

maar sodanig aangewend, dien die aanhaling sy doel volkome.  
Vir my is die gebruik van die woord: *toegebid* 'n pragtige vonds.  
Maar eintlik is dit 'n gedig oor die oog: die oog die lamp van  
die liggaam en veral van die siel waar dit in die skedel se oog-  
holtes *vasgegroef* is en al die ou gebreke van die sielelewe toon,  
al word daar gepoog om dit op te smuk.

In nog twee verse van hom vind ons tydsomstandige inter-  
pretasie saamgewoord:

#### RAMKIE

My woorde – kaal en onvanpas –  
moet, sonder een geheim,  
– of duisterheid en lym –  
die vel en been en hartseer las.

#### DIE SWARTE (100-1)

Sy woorde – nogal Afrikaans –  
wil my, met stok en staf,  
na waters en groen velde lei  
waar sneeuwit lammers wei.

By die lees van die gedigte van Botha en Du Randt dink 'n  
mens by gebrek aan 'n beter benaming aan *lewenshouding* en  
*lewensbeskouing*. Botha se jeugwerk is so fraai, en tenger van  
die adolessente droomland, soos ook gereflekteer in sy sagte  
woordgebruik, sy temas soos o.a. in die volgende gedig:

#### LEWENSWEG

Die berge lê grys teen hemelblou  
verraderlik – onoorwonne  
Die uitdager in sy môredou –  
astrant en onbesonne.

Halfpad teen die berg uit  
tas hy mis en gly  
O klimmer, laat jou nimmer stuit  
As gemaksug jou verlei.

Lewensmoeg – en tog verheug  
oorwin hy die laaste skof –  
vol dankbaarheid en arbeidsvreug  
Aan U, o God, die lof!

Daar is iets so broos en teer aan hierdie jeugpoësie wat ons dikwels ook in skoolblaaië teenkom, dat 'n mens moontlik kan vergeet om die inslag van die ware talent te soek, maar ek meen dat daar genoegsame bewys in dié geval bestaan. Mooi is die keuse van *grys* in die eerste versreël, teenoor die simboliese aanwending van die begrip: *berg* (die lewe wat vir die jong mens soos 'n berg lyk om te beklim); in die tweede strofe is die tog *halfpad* voltooi, en in die derde word gepraat van die *laaste* skof. Soek mens verder, dan vind jy nog meer tekens van die inherente vermoë tot vormgewing en die eie siening van die werklikheid, die stof waarmee die digter werk: die eerste strofe stel die jeug van die mens voor, die tweede die middeljare en die derde die ouderdom. Ons besef dan dat die digter se siening van die werklikheid veral simbolies ingestel is. Maar dan moet so 'n jong digter nog leer dat daar geen twyfel moet bestaan oor die betekenis van 'n woord in sy verse nie, soos die woord *selfloon/selfloën* in:

#### AFRIKANERBROER

Waarom misgun ek jou die eer  
 en skenk dit aan 'n vreemde mededinger?  
 Bloedgebondene – selfloon is die kwer  
 wat ons Proteablom verteer.

Die digter bedoel klaarblyklik *selfloon* soos dit daar staan, maar die eerste twee versreëls hou nog nie hulle finale seggingskrag in nie. Noodsaaklik is dit dus dat die jong digter eers volkome sy wêreldbeeld moet deurskou, moet vorm vind vir sy innerlike uitingsdrang in sy gees totdat hy tot die hoogs moontlike verwoording kan geraak.

By 'n effens ouer persoon, soos in die geval van Du Randt, het daar reeds veel meer rypheid van deurskouing ingetree, dit wat ons 'n eie wêreldbeeld of lewenshouding kan noem, kristalliseer sneller tot woorde-in-'n-gedig, ook duideliker, sekerder, selfs bewuster. In *Understanding Poetry* skryf Brooks en Warren juis oor dié saak: „In poetry, as in all other discourse, one person is saying something to another person. But what is that ‚something’?” Stellings wat deur die eie siening getint is, kan mens sê, sêgoed oor sake wat 'n kunstige effek het. En hoe meer 'n digter klaarheid verkry oor dit wat in sy eie gees aangaan, hoe helderder kan hy verwoord.









